DIE KOMMISSIE HERVAT NA MIDDAGETE

PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, ons was nog voor die verdaging besig om te handel met die eise wat u gehad het. Ek wil graag daarmee voortgaan. Ek het vasgestel dat die sperdatum waarvan ek melding gemaak het, die eerste sperdatum, was 18 April gewees vanjaar. Dit was 'n datum wat aan BSB se prokureurs gegee was as 'n sperdatum. Wat sê u daarvan? -- Dit kan wees. Ek het nie die sperdatum aan die prokureur gegee nie. Ek sal moet seker maak by prokureur Cloete van der Merwe wat die datum was.

Die enigste datum waarvan u kennis dra was 'n datum waarteen u uitsluitsel wou hê anders sou u oorgaan tot regstappe? -- Dit is korrek.

En dat daar toe uitstel verleen is tot 20 April. -- Dit kan wees, ja.

En dat daar toe voor 20 April aan u deur u prokureur gerapporteer is dat die eise nie betaal sal word nie en daar is toe aanvaar dat u moontlik hierdie dreigement van u om na die pers te gaan sal uitvoer. -- Dit is nie waar nie. Dit was nie 'n dreigement om na die pers toe te gaan nie. Dit was 'n onderneming om regstappe in die openbaar te neem, om wettig hof toe te gaan en dit aan te bied aan die hof en hulle te dagvaar in die ope hof. Dit is waaroor die onderhandeling ge- gaan het.

Inderdaad het u pers toe gegaan? -- Ek het pers toe ge- gaan, ja.

En u het nog nie 'n dagvaarding ingestel nie? -- Ek gaan 'n dagvaarding uitskryf. Ek het dit aan u gestel dat ek met my prokureur besig is, aangesien dit nie 'n normale

aangeleentheid/..

aangeleentheid is nie.

Kom ons kyk 'n bietjie na u eis, mnr. Botes. U het u persoonlike eis opgebreek in twee onderafdelings, is dit korrek? -- Kan ek net 'n afskrif kry, asseblief.

Ek dink nie - ek dink dit is die enigste afskrif wat ek hier het. Ek sal maar vir u lees. Die eerste een was vir 'n bedrag van Rl35 360 vir uself. -- Ja.

Toe is daar 'n tweede bedrag, 'n bedrag van R751 401 ook vir uself. -- Dit is korrek, ja.

Ons raak-raak hierso aan 'n miljoen rand-eis vir uself, nè. Goed, die eerste een was vir salaris tot op datum, dit sluit dan seker agterstallige salaris in, R9 000, pensioen R27 000 en dan motortoelaes, belasting, huishuur vir 'n kon- trak in Windhoek, deposito bestellings. Wat was dit? -- Dit was wapensbestellings wat die deposito op daardie stadium betaal moes gewees het al. Die wapens was aangekoop op 'n behoefte wat gestel was deur BSB aan my deur die logistieke afdeling vir die aankoop van daardie wapens.

Het u dan daarvoor betaal? -- Ek het nie daarvoor betaal nie. Ek het nie die geld gehad om die totale bestelling te betaal nie.

Maar hoekom ressorteer hierdie R40 000 nou onder u persoonlike eis? -- Dit ressorteer onder my persoonlike eis omdat ek aanspreeklik, persoonlik aanspreeklik gehou was op daardie stadium deur daardie lid vir daardie geld.

En die ander bedrae van die ander lede, het hulle u nie ook persoonlik .. -- Die ander bedrae van die ander lede was nie op dieselfde basis nie. Dit was nie toerusting wat bestel was deur my persoonlik om nou afgehaal te word nie. Dit was die basis van daardie bestelling.

Maar dit is/..

Maar dit is eise wat hulle gehad het. Wettige eise volgens u wat hulle gehad het, u gaan dagvaar daarvoor. -- Dit is korrek, ja.

Hoekom is daardie eise, hulle s'n en hierdie een is .. -- Omdat hulle eise nie in dieselfde konteks as daardie eis was nie. Daardie eis was 'n bestelling wat gelewer was. Die wapens was op pad. Ek moes die deposito betaal. Ek was aan- spreeklik teenoor daardie lid vir daardie bedrag op daardie stadium. Dit is hoekom ek dit daarby gesit het en ek dit moes betaal het. Ek het nie 'n keuse gehad nie. Ek het wel 'n ge- deelte van daardie geld betaal. Ek het nie alles betaal nie.

U het 'n gedeelte betaal? -- Dit is korrek, ja.

Uit u eie sak? -- Uit my eie sak uit, ja.

En is daardie gedeelte wat u uit u eie sak betaal het in verrekening gebring by die bedrag wat u uiteindelik in volle vereffening aanvaar het? -- Nee, dit is nie.

Hoekom nie, mnr. Botes? -- Omdat ek daardie bedrag betaal het na finale vereffening en die rede hoekom ek daardie bedrag betaal het, was omdat ek 'n probleem gehad het met die lid. Die toerusting was gebring, ek moes dit doodeenvoudig gaan op- laai het en hom betaal het vir daardie toerusting.

En wat het van die toerusting geword? -- Die toerusting weet ek nie waar dit nou is nie. Dit het in Mosambiek bly lê. Ek het net vir die lid gesê ek kan nie die transaksie afhandel nie en ek pro rata skadevergoeding uit my sak uit moes betaal het.

U sê die wapens het in Mosambiek bly lê? -- Ek het die wapens nie afgehaal nie, op daardie stadium.

U het dit nie in ontvangs geneem nie? -- Ek het dit nie in ontvangs geneem nie.

So, dit is/..

So, dit is nog in besit van die persoon wat dit aan u verkoop het? -- Dit is korrek, ja.

So, u betaal hom nou ten spyte van die feit dat hy nie die middele aan u gelewer het nie? -- Die feit is die kontrak- basis was dat indien die lid die wapens bring, en dit het in die verlede ook so gewerk, dit was 'n vertrouensituasie, hy bring die wapens en ek betaal hom nie tot ek die wapens afge- lewer het en die geld gekry het en ek gaan terug en ek betaal hom. Hy vertrou my met sy voorraad. (Praat tegelyk.) Hy gaan koop ..

So, u betaal hom ...

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, ek wil nie betrokke raak in die hele siviele saak nie.

MNR. HATTINGH: Soos dit u behaag. Goed, mnr. Botes, u sê u het daardie bedrag betaal en u eis nie terugbetaling daarvoor nie? -- Ek het op hierdie stadium geen basis waarop ek dit kan bewys nie. Ek kan nie 'n man in die hof kom staan maak en sê hierdie man het ek soveel geld betaal nie. Daar is geen manier wat ek daardie man in die Suid-Afrikaanse hof gaan staan maak en hy gaan sê nee, ek het van mnr. Botes X bedrag vir wapens ontvang nie.

Hoeveel het u hom betaal uit u eie sak? -- Ek het hom R15 000 betaal.

Nou kom ons by die volgende een, die R75l 40l-eis. Salaris en voordele vir 'n verdere tydperk van vyf jaar as volg bereken. -- Dit is korrek.

Nou, op grond waarvan kan u aanspraak maak op die be- taling van vyf jaar se salaris? -- Die grond waarop dit wat my betref bereken was en dit is my persoonlike benadering, was die feit dat ek die voorafgaande tyd in BSB meriete

toekennings/..

toekennings wat ek kon kry gekry het, uitstekende werk gelewer het, ek geen botsings met die organisasie as sulks hoegenaamd op enige stadium gehad het nie, my toekoms in die organisasie op geen stadium hoegenaamd bedreig was nie en die enigste rede wat ek 'n probleem gehad het, was oor die feit dat ek en Ver- ster gestry het en dit het gegaan oor 'n persoonlike geskil wat veroorsaak het dat ek op die straat gesit het wat daardie deel van die kontrak betref.

Uiteindelik, mnr. Botes, aanvaar u van hierdie totale eis van so 'n ietsie oor die R800 000 aanvaar u R22 421,09. -- Dit is nie waar nie, die bedrag was groter as dit. Gaan terug en gaan lees wat was waar betaal. Dit staan op bladsy l geskryf.

R62 421. -- En dink dit was nader aan R75 000 as ek my herinner. Ek het dit nie voor my nie.

U het u salaris reeds ontvang en nadat die salaris wat u reeds ontvang het afgetrek is, was dit R62 000. Laat dit maar daar, mnr. Botes. Die feit van die saak is dat u het op daar- die stadium nog 'n bedrag van R40 000 wat aan die BSB behoort het in u besit gehad. -- Dit is korrek, ja. BSB het my meer geskuld as wat ek hulle geskuld het daarom het ek daardie geld gehou.

Dit was BSB se geld. -- Dit was nie BSB se geld nie. As ek u R10 skuld en u skuld my R50, skuld ek u niks, dan skuld u my R40. Dit was die prinsiep.

U het dit terugbetaal, mnr. Botes. -- Dit is afgetrek van die bedrag - toe daardie staat gebalanseer was. Ek het dit nie terugbetaal in daardie sin van die woord nie. Dit was verhaal by finale betaling. Daar is gesê u het die volgende, en die bedrag is afgetrek en daar is 'n kwitansie aan my uit- gereik vir die bedrag en 'n finale betaling is aan my gedoen.

Daardie geld/..

Daardie geld was in u eie bankrekening gewees. -- Daardie geld was nie in my bankrekening nie.

In wie se bankrekening was dit? -- Daardie geld was kontant in my kluis gewees.

Dit was BSB-geld gewees wat u - u het dit aanvanklik ontvang as BSB-geld. -- Aanvanklik het ek dit ontvang as BSB-geld. BSB het my meer geld geskuld as wat ek BSB geskuld het. So in realiteit was dit my geld, nie BSB se geld nie.

Mnr. Botes, generaal Webb se weergawe, en hy kan seker daaroor gekruisverhoor word wanneer hy terugkom vir kruis- ondervraging indien hy terugkom, is dat u aanvanklik nooit aan hom die feit dat u nog R40 000 van die BSB gehad het geopen- baar nie. -- Dit is nie waar nie. Ek sal graag my prokureur, mnr. Van Zyl, oproep op daardie punt. Mnr. Van Zyl is bewus van die feit dat dit van dag een af aan die ouditeur, mnr. Pfeil, geopenbaar was, dat dit nooit weggesteek was op enige stadium nie.

As u praat van dag een, praat u van die dag wat u pro- kureur by was? -- Die prokureur by was en die prokureur was by van die bomvoorval af. Na dit was die prokureur ingelig.

U het aanvanklik alleen 'n gesprek met generaal Webb gehad oor hierdie eis. -- Dit is korrek, ja.

Toe is dit nie openbaar nie. -- Dit was reeds op daardie stadium deur die ouditeur - deur my aan die ouditeur geopen- baar. Ek het dit nooit weggesteek nie. Ek het nie 'n geheim daarvan gemaak nie. Ek het dit aan mnr. Pfeil so gestel en dit is hoekom ek dit betaal het. Ek het dit nooit ontken nie.

Generaal Webb sal ook getuig dat hy al die eise wat op die tweede bladsy verskyn, naamlik die l8 persone se eise, met u bespreek het die eerste keer toe u die aangeleentheid met

hom bespreek/..

hom bespreek het. -- Ons het 18 persone aangespreek. Ons het nie l8 persoonlikhede behandel nie. Ons het gepraat oor l8 elemente, persone, waarvan ons twee in detail bespreek het.

Nee, nou verstaan ek glad nie wat u bedoel nie. -- Wat ek bedoel is daar word l8 mense gelys, daar word l8 persone - as sulks het ons by twee, by die persoonlikhede as sulks die voorval, die situasie, wie was die persoon, wat was die situa- sie, gekom. Die res is nooit tussen my en generaal Webb bespreek nie.

Ook nie die bedrae of enigiets van die aard nie. -- Die bedrae het generaal Webb tot sy beskikking gehad. Hy het dit gesien ..

Maar dit was nie bespreek nie. Hy het nie vir u gevra wie is persoon een en wat is hierdie R57 000 nie? -- Hy het my gevra pertinent oor daardie twee persoonlikhede en daardie twee het ek met generaal Webb bespreek.

Het hy u verduideliking aldaar aanvaar? -- Hy het geen beswaar daarteen gehad nie. Ek het dit aanvaar hy het dit aan-vaar. Hy het nie vir my gesê dit is nie aanvaarbaar nie.

Niks van die ander het hy met u bespreek nie? -- Niks van die ander het hy met my bespreek nie.

Kan u onthou watter twee hy met u bespreek het? -- Daar is twee bedrae. Die een bedrag, as ek reg kan onthou, was R10 500 en die ander bedrag was R30 000.

R30 000? Die twee bespreek hy met u in detail maar hy bespreek nie bedrae van R250 000 en R300 000 en R300 000 en R70 000 en R60 000 met u nie. -- Daar mag een bedrag wees, as ek reg onthou, ek kan nie onthou of dit R250 000 of R300 000 was nie wat opgekom het. Die persoon was nie by die naam aan- gespreek waaroor dit gegaan het nie.

Was daar/..

Was daar nou drie bedrae bespreek, drie eise bespreek? -- Dit kon drie eise gewees het.

Nee, twee. -- Twee bedrae was in detail bespreek. Dit het - spesifiek wat was die situasie om hierdie voorval.

En die ander een nou, die derde een? -- Die ander een as ek reg onthou, ek praat onder korreksie, ek kan nie woordeliks onthou nie, was op daardie stadium in breë trekke bespreek. Hy het gesê waaroor gaan dit en ek het hom die agtergrond gegee van waaroor dit gegaan het.

VOORSITTER: Ek is nou net nie seker nie, praat u nou van die week voor 27 Februarie of praat u van iets wat verlede jaar iewerste gebeur het? -- Nee, nee, hierdie gesprek, as ek reg onthou, het reeds Januarie van hierdie jaar plaasgevind. Dit was min of meer Januarie/Februarie. Dit was by 'n vorige ge- leentheid.

MNR. HATTINGH: Die rekening hier is gedateer 7 Desember l989. -- Dit is korrek, ja.

Kon dit al in Desember bespreek gewees het? -- Na my wete was dit nie in Desember bespreek nie. Ek het die rekening as sulks soos wat hy daar staan op daardie dag aan generaal Joep Joubert laat oorhandig. Generaal Webb, as ek korrek onthou, was op verlof of hy was iewers heen, weg gewees. Ek en gene- raal Webb het eers na die Desember-vakansie, vroeg Januarie iewers, as ek reg onthou, die detail bespreek aangaande daardie rekenings, daardie twee spesifieke ...

Ek kan maar net vir u sê, mnr. Botes, generaal Webb sal sê elkeen van hierdie l8 items hierso, die bedrae is bespreek. Hy het vir u 'n verduideliking gevra van hoekom en waarvoor dit verskuldig is en .. -- Dit is nie waar nie.

En uiteindelik het hy vir u duidelik te kenne gegee dat

hy nie/..

hy nie bereid is om aanspreeklikheid te aanvaar vir elkeen van daardie - enigeen van daardie bedrae nie. -- Dit is nie waar nie. Ek wil dit aan u stel dat op daardie stadium wat daardie rekening ter sprake was generaal Webb aan my 'n voorstel gemaak het en gesê het dat hy wil voorstel dat ek met generaal Joep Joubert gaan praat oor 'n moontlike aanbod om vir gene- raal Joubert te gaan praat - om vir generaal Joubert te gaan werk waarop ek onderneem het om voorlopig, indien ek vir gene- raal Joubert sou gaan werk, die risiko van daardie rekening te loop. Ek het dit aan hom gestel dat indien ek nie generaal Joubert se aanbod aanvaar nie sou ek terugkom na hom toe.

Generaal Joubert het toe reeds by 'n vorige geleentheid vir my 'n aanbod gemaak wat ek nie aanvaar het nie. Ek was onder die indruk dit is 'n ander aanbod waaroor dit gaan. Generaal Joubert se woorde aan my was, toe ek by hom in die kantoor kom, ek het jou vantevore 'n aanbod gemaak.

Mnr. Botes .. -- Dit is waaroor dit gaan. Daardie rekening was nooit in detail deur my en generaal Webb bespreek nie.

Mnr. Botes, u sê die bedrae wat onder die item persoon l tot persoon l8 verskyn is bedrae wat verskuldig is aan agente. -- Dit is korrek, ja.

Nie lede nie? -- Nie lede - wat is die verskil tussen agente en hulle? Kom ons klaar net dit op.

Ja, kom vertel u vir ons. -- Dit kan agent genoem word, dit kan 'n lid genoem word. 'n Lid kan direk wees, dit kan 'n indirekte lid wees, dit kan 'n bewustelike lid of 'n onbewus- telike lid wees. Daardie lede wat daar bespreek word, was nie bewus dat hulle vir BSB of later, soos wat nou blyk, die weer- mag gewerk het nie. Hulle het geen weermagbetrokkenheid as sulks gehad nie.

Het hulle/..

Het hulle 'n soort van 'n kontrak met u gehad of met iemand gehad? -- Hulle het 'n mondelingse kontrak met my gehad.

Ingevolge waarvan hulle op 'n maandelikse grondslag vergoed sou word? -- Sommige van hulle wel, sommige nie.

En die wat op 'n maandelikse grondslag vergoed was, is hulle nooit betaal nadat u BSB se diens verlaat het nie? -- Nee, hulle is nie.

Tot vandag toe nie? -- Tot vandag toe.

Is daar nie aan u gerapporteer dat die onbewuste lede wat maandelikse vergoeding ontvang het wel betaal is nie, so vroeg as hier by 3, 4 September rond nie? -- Die bewuste lede, die direkte Streek 2-lede, was wel betaal. Dit is nie die persone wat in die rekening genoem word nie. Tot vandag toe na my kennis is nie een van die lede in daardie rekening betaal na my wete nie.

Het u nog skakeling met hierdie mense? -- Ek het skakeling met sommige van daardie mense. Ek kan skakeling met hulle bewerkstellig.

<u>VOORSITTER</u>: Nee, maar het u kontak met hulle gehad? -- Ek het kontak met hulle gehad. Ek het kontak met hulle verbreek op hierdie stadium.

Nee, maar wanneer het u kontak verbreek? -- Ek het kontak, die laaste kontak het ek verbreek vroeg in Februarie.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Is hulle nie betrek by hierdie onderhandelings wat jy het vir hulle eise nie? -- Nee, hulle is nie daarby betrek nie.

U het melding gemaak op 'n stadium dat u R40 000 uit u eie sak uit aan mense betaal het. -- Dit is korrek, ja.

Aan wie was daardie betalings gemaak? -- Daardie

betalings/..



betalings was - 'n deel daarvan ten opsigte van die wapens wat

ons nou genoem het. Die ander was betaal aan indirekte swart lede wat ek uit my sak uit betaal het omdat hulle geen ander heenkome gehad het nie.

Indirekte swart lede? -- Dit is korrek, ja.

As u nou praat van lede, is dit nou - van indirekte lede is dit onbewustelike lede? -- Dit is onbewus in militêre terme, ja.

Hulle het nie geweet hulle werk vir BSB nie? -- Nee.

Het hulle gedink hulle werk vir u? -- Dit is korrek.

En vir u in watter hoedanigheid? -- As operateurs.

Ja, wat was die front wat u vir hulle voorgehou het as hulle nie geweet het dat hulle vir BSB werk nie? -- Ek het vir hulle 'n sakefront - as 'n privaat sakeman voorgehou en ek het sekere belange gehad.

VOORSITTER: Ja, maar wat was die sakefront? -- Die sakefront wat ek voorgehou het, was 'n konsortium wat belang gehad het - wat direk bedreig was deur onder andere die ANC.

MNR. HATTINGH: Het u hierdie onderhandelinge of hierdie sake-bedrywighede met hulle in vermomming gevoer of nie? -- Ja, ek het dit met hulle in vermomming gevoer.

So, hulle weet nie wie u is nie? -- Hulle weet nie wie ek is nie.

Het u hulle ook in vermomming gaan betaal? -- Dit is korrek, ja.

Net .. -- Ek het hulle geld vir hulle gelos. Ek het hulle nie persoonlik gaan sien nie.

Net omdat u moreel teenoor hulle verplig gevoel het? -- Moreel verplig gevoel het in die sin van - meneer, u moet dit hier sien in die konteks van daardie man se lojaliteit het van

dag een/..



dag een af, terwyl hy vir my gewerk het, by my gelê soveel so dat

hy sy lewe op die spel geplaas het. Ek het aan die einde van die dag net omgedraai ..

Hoe plaas 'n man sy lewe op die spel wat vir 'n groep sakemanne werk? -- Baie maklik. Hy doen 'n BSB rooi projek. Hy elimineer 'n element of hy doen die verkenning vir die eleminering of hy dra die toerusting vir die eleminering of hy smokkel vir jou wapens in. Dit is waaroor dit gaan.

Vir 'n groep sakemanne? -- Dit is korrek, ja. Hy vra nie aan die einde van die dag wie - hoe lyk die baas se gesig nie. Hy vra hoe lyk die geld wat ek kry en meer as dit - as hy jou nie beskerm nie, loop hulle jou uit, dit is so maklik as dit. Net soos wat jy hom nie beskerm nie loop hulle jou uit.

Mnr. Botes, daardie persone wat u uit u eie sak betaal het, is hulle deel van hierdie agtien persone wat op die rekening verskyn? -- Nee, hulle is nie 'n deel daarvan nie.

Hoekom nie? -- Omdat hulle nie, in die konteks wat daar- die persoonlikhede - het ek probeer beperk tot dit wat ek in 'n hof kan aanspreek. Dit is hoekom ek agtien persoonlikhede daarop gesit het. Dit is die mense wat ek in die hof kan gaan staan maak en sê meneer, die basis waarop ons dit gedoen het, was die volgende.

Het u dokumentasie ... -- Ek het 'n sakekant ... ekskuus.

Het u dokumentasie ten opsigte van hierdie agtien persone? -- Ek het sekere dokumentasie ten opsigte van sommige, ja.

Wat genoeg is om hulle eise te bewys? -- Moontlik, ja.

En hierdie persone wat u uit u sak uit betaal het?

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, ek dink die getuie het gesê dat hy kan nie 'n eis namens hulle instel nie. -- Mnr. die

Voorsitter/..



Voorsitter, ek wil net graag teruggaan en vir u daarop wys dat dit is hoekom ek BSB-dokumentasie gehou het, andersins sou ek in

'n situasie gewees het waar ek glad geen bewys hoegenaamd gehad het nie en stories sit en vertel het.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Nou, wanneer het u die R40 000 aan hulle betaal? Was dit voor of na afhandeling van u eis? -- Sommige voor en sommige na afhandeling.

Maar u het dan kontant van BSB in die kluis gehad. Hoe- kom het u nie dit gebruik om hierdie mense se gelde te betaal nie? -- Dit was nie aan die einde van die dag BSB se geld nie, dit was my geld gewees.

O, so u het op daardie stadium al besluit u pas skuldvergelyking toe? -- Ek het skuldvergelyking toegepas na ek 'n prokureur en advokaat geken het in die saak en hulle vir my gesê het meneer, indien jy 10c skuld en die ander man skuld jou 5c dan is dit logies dat daar 'n verskil is en jy dan nie meer aanspreeklik gehou word pro rata nie.

Mnr. Verster, het u geld ontvang van die Vrye Weekblad vir die inligting wat u aan hulle gegee het? -- Nie 'n sent nie.

U sou seker ook nie gesê het as u wel het nie, nie waar nie? -- Ek kan dit met 'n goeie gemoed sê en ek het dit gestel aan die redakteur van die blad, mnr. Du Preez, dat ek nie in geld sou belang stel nie. Wat wel gebeur het, was ek was deur 'n persoon genader om vas te stel of ek wel geld gekry het en ek het gelag en dit was onprofessioneel en ek het vir hom gesê ja, sê vir hulle ten minste 'n plaas se geld, so 250 plus. Dit is die basis waarop ek dit gedoen het en die rede daarvoor was eenvoudig, want dit het gestink op daardie stadium. Hulle wou agterkom of ek nie dalk 'n tienrandjie iewers gekry het nie.

Dit was/..



Dit was die basis. Ek het nie tot vandag toe ...

Miskien 'n dertigrandjies, mnr. Botes. -- Ek het tot van-

dag toe nie 'n sent van enige persorganisasie of enigiets anders ontvang met betrekking tot hierdie saak nie.

Mnr. Botes, het u ander lede van u streek probeer oorreed om saam met u na die pers te gaan en vir hulle gesê ons gaan elkeen R250 000 kry? -- Nee, ek het nie, op geen stadium.

Het u met enige lede gepraat oor die moontlikheid dat julle geld kon verdien deur met die pers te gaan praat? -- Nee, ek het nie.

Daar sal mense wees wat so sal getuig. -- Hulle kan so getuig. Hulle lieg. Ek kon hulle nie so 'n aanbod maak nie, ek het nie 'n aanbod van die pers af gehad nie. Ek het dit nou aan u gestel hoekom ek vir hulle gesê het, na ek genader was oor wat gaan jy kry het ek gesê genoeg vir 'n plaas omdat hulle doelbewus na my toe gestuur was.

Mnr. Botes, as u geld wou hê van 'n koerant dan sou u dit kon kry. Dit weet u darem seker, nie waar nie? -- Ek betwyfel baie sterk.

Hoekom betwyfel u dit? -- Op grond waarvan sou ek dit kon beding?

Dit is tog algemene kennis dat koerante baie geld betaal vir inligting van hierdie aard. -- Ek betwyfel dit baie sterk. Ek dink in alle geval - ek weet nie, maar ek dink nie die Vrye Weekblad sou finansieel sterk genoeg wees nie. Indien ek sou belang stel in geld sou dit die moeite werd moes wees.

Mnr. Botes, het u nadat u u verbintenis met u streek en met die BSB verbreek het, het u weer kontak gehad met enige lede van u streek? -- Van my streek, ja.

Wanneer was/..



Wanneer was dit en waaroor het dit gegaan? -- Ek was by verskeie geleenthede, en dit het hoofsaaklik gegaan oor die

afhandeling van administrasie.

Ook met mnr. Verster? - Nee. Mnr. Verster het my telefonies geskakel. Ek het vir hom gesê indien hy met my wil praat kan hy na my huis toe kom aangesien my privaat kantoor op daardie stadium van die wedstryd gebom was. Hy was nie bereid om by my huis met my te kom praat nie. Ek het vir hom gesê ek het niks om vir hom te sê nie. Dit wat ek het om te sê sal ek vir generaal Webb sê.

Het u ook vir lede wat na u toe wou gekom het om inligting te kry om die ouditnavraes af te handel gesê ja, hulle kan na u huis toe kom teen R100 'n uur vooruitbetaal- baar teen R1 000 'n dag? -- Dit is korrek, ja. Ek het vir hulle gesê indien hulle wil hê ek moet vir hulle werk is ek bereid om dit te doen, mits hulle my betaal.

Nie vir hulle werk nie, vir hulle die inligting gee wat u in die eerste instansie alreeds vir hulle moes gegee het. -- Nee, dit is nie waar nie, dit is nie waar nie.

Watse werk wou hulle hê moes u doen? -- Hulle wou gehad het ek moes fisies gaan sit en verslae skryf. Ek het onder- neem om dit te doen. Ek het gesê goed, menere, ek het hulle op skrif en ek wil dit graag aan die kommissie bied, dit gaan oor buitelandse administrasie wat gedoen moes gewees het, maar ek het dit aan hulle gestel dat ek is bereid om dit te doen en dit was geskryf as 'n vereiste. Ek het gesê betaal my pro rata aangesien ek op daardie stadium nie my salaris van BSB ontvang het nie en ek dus nie in BSB se diens was nie.

Ek dog jy het eers in Februarie bedank. -- Dit is korrek, ja, ek het in Februarie bedank, maar tussen Augustus, die

einde van/..



einde van Augustus was ek nie Augustusmaand se salaris betaal nie.

Die eerste betaling wat ek gekry het, as ek reg onthou, was vroeg in Desember nadat die ouditeur, mnr. Pfeil, by my was en daar 'n betaling aan my gedoen was deur brigadier Jakes Swart, as ek reg onthou.

Mnr. Botes, die enigste punt wat ek wil maak is daardie werk wat hulle wou gehad het u moes doen, daardie verslaggewing oor administratiese aangeleenthede, was verslag- gewing wat u in ieder geval verplig sou gewees het om te doen. -- Dit is korrek, ek sou verplig wees indien ek in hulle diens was, indien hulle my betaal het daarvoor. Hulle het my nie betaal daarvoor nie ..

En dit is agterstallige werk wat .. -- Nee, dit is nie waar nie. Dit was nie agterstallige werk nie.

Waaroor het die geskil met mnr. Verster gegaan? -- Die geskil met mnr. Verster het gegaan oor ouditeurnavrae, soos wat ons vroeër uitgewys het, oor die vorige boekjaar wat hoof- saaklik betrekking gehad het op lede wat op daardie stadium bedank het uit BSB. Dit is waaroor die geskil met mnr. Ver- ster gegaan het.

Oor ouditeurnavrae uit u streek uit. -- Uit die streek uit vir die vorige boekjaar. Ek het aan die einde van daardie vorige boekjaar - ek het rondom, en ek gaan raai, Desember by Streek 2 begin werk tot en met April. Dit was die ouditnavrae vir daardie vorige tydperk terwyl ek nie daar was nie tot en met net nadat ek daar gekom het. Dit is waaroor dit gegaan het.

Mnr. Botes, die getuienis sal wees dat u agterstallig was in die algemeen met u werk, nie net van 'n vorige jaar nie, maar met u eie werk wat administrasieverslae,

ouditaangeleenthede/..



ouditaangeleenthede aanbetref. -- Ek wil dit graag aan die kommissie stel dat dit logies sou wees om te aanvaar dat daar uitstaande administrasie sou wees aangesien ek op daardie stadium

die oggend half vier uit Suidwes uit teruggekom het en dit nie roetine was, of Namibië, om daardie tipe van verslae in Namibië te sou skryf voordat ek terugkeer nie. Die gedagte sou wees nadat ek teruggekeer het sou ek sit en daardie ver- slae afhandel, alles wat dan op daardie stadium betrekking sou gehad het.

Daar was uitstaande verrekeningsdokumente gewees, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

En die staande beleid was gewees dat 'n verrekening nie langer as twee weke uitstaande mag wees nie. -- Dit is korrek, ja.

En u s'n was vir langer as twee weke uitstaande gewees. -- Dit is korrek, ja. Die rede daarvoor was baie eenvoudig. Ek was fisies weg gewees, ek kon dit nie afhandel nie.

Mnr. Botes, u het ook nie die dokumentasie ingedien wat betrekking gehad het op hierdie .. -- Ek betwyfel dit baie sterk. Ek het 'n skriftelike bewys wat ek aan die kommissie kan voorlê en 'n handtekening waar erken word dat dit wel in- gehandig was en afgehandel was teen 10 September as ek reg onthou.

Goed, nou daardie werk, daardie werk wat u nou sê, daar- die verrekeninge wat agterstallig was, was onder andere die goed wat hulle wou gehad het u moes doen. -- Dit is nie waar nie. Daardie dokumentasie wat hulle wou gehad het, is vandag nog in my besit.

VOORSITTER: Ja, maar ek verstaan nie, wat moes u doen? As dit nie werk was wat gedoen moes gewees het terwyl u in

aktiewe diens/..



aktiewe diens was nie - u kon tog nie verslae skryf oor goed wat gebeur het nadat u die aktiewe diens verlaat het nie. -- Nee, wat gebeur het, was dit wat nou beweer word, is die do- kumentasie waaroor dit nou gaan was reeds vantevore geskryf. Die finansiële bestuurder, Jaco Black, het dit reeds gesien. Hy het notas daarop

gemaak en of hy vergeet het dat hy dit gesien het en of hy dit doelbewus gedoen het, weet ek nie. Hy het dit aan mnr. Verster waarskynlik gestel dat hy dit nooit gesien het nie. Terwyl ek in besit was daarvan - hy dit gesien het en hy daarop aantekeninge gemaak het en daar vir my gesê was dit was nooit gedoen nie, toe sê ek maar dit is nie waar nie, hier is dit, op die oggend van die voorval.

Ja, in ieder geval, ek dink mnr. Hattingh was besig om 'n bietjie ver weg te dwaal.

MNR. HATTINGH: Goed, ek sal probeer om 'n bietjie nader te kom. Daar was in elk geval 'n hewige argument tussen u en mnr. Verster gewees oor onder andere administratiewe aange- leenthede. -- Die administratiewe aangeleenthede het ons so pas bespreek het spesifiek gegaan oor die vorige jaar se ouditnavrae. Dit is al waaroor die argument gegaan het.

En in die loop van daardie argument het julle mekaar amper te lyf gegaan. -- Dit is korrek, ja.

En toe is u daar weg. -- Dit is reg, ja.

Daarna is u gevra om weer te kom en die administratiewe navrae te beantwoord. -- Dit is korrek, ja.

Iemand het getuig - daar was toe ook 'n interne ondersoek gehou gewees, nè, mnr. Botes? -- Dit is korrek, op my versoek. Ek het generaal Webb gevra, aangesien daar 'n geleentheid was waar 'n sogenaamde skuur op 'n aanvanklike begroting wat siviel op my naam gebou was, van tussen 80 en R100 000 af

geëskaleer/..



geëskaleer het na meer as R600 000 wat hanteer was deur Van Wyk en Louw, ingenieurs, raadgewende ingenieurs, wat ek gesê het nie aanvaarbaar is nie aangesien my geloofwaardigheid in gedrang kom in die proses.

En een van die persone wat by hierdie interne ondersoek getuig het, het getuig dat daar uit 'n totaal van - ek kry nie nou die syfer nie, uit 'n totaal van sowat 64 navrae oor agterstallige aangeleenthede 48 uit u streek uit was. -- Dit
is 'n bewering wat hulle maak. Ek kan dit nie weerlê nie, ek was nie daar nie.

Ontken u die bewering? -- Dit is die bewering, ek kan dit nie weerlê nie. Ek was nie daar nie.

VOORSITTER: Was u nie teenwoordig tydens die interne ondersoek nie? -- Mnr. die Voorsitter, wat gebeur het, is daar is vir my lêers gebring vir afhandeling. So ook is daar gevra handel die berekeninge af waar ek dit klaargemaak het en by afhandeling het ek gevra vir 'n skriftelike bewys dat ek dit afgehandel het en ingehandig het en ek het dit so ontvang.

Nee, luister tog as ek vir u 'n vraag vra. Ek vra u net eenvoudig, u het gesê daar was 'n interne ondersoek. Was u teenwoordig of was u nie teenwoordig nie? -- Ek was nie by daardie interne ondersoek by BSB as sulks teenwoordig nie.

MNR. HATTINGH: Ek dink die mense is een vir een ondervra, is dit korrek? -- Ek weet nie.

Goed, hierdie syfers het ek gekry, daar was 80 uitstaande aangeleenthede in die totale BSB waarvan 46 uit u streek was. Die getuienis sal wees u was totaal laks met u administrasie. -- Getuienis moet dan ook verder lei dat ek was so laks dat ek nie fisies teenwoordig was daar nie, met ander woorde dat dit vir my onmoontlik was om dit in te gee, as dit sou waar wees.

En dat u/..



En dat u teenoor verskeie persone na hierdie insident gedreig het dat u mnr. Verster sou kry. -- Dit is bewerings wat gemaak word.

En dat u mense het wat u bystaan wat u sal kan help daarmee as hy aan u iets wil doen. -- Ek het dit nie teenoor verskeie mense gesê nie. Ek het dit in Verster se gesig gesê. Ek het vir hom gesê hy het 'n vermoë, ek het ook 'n vermoë.

'n Vermoë om teen hom op te tree? -- Om teen hom op te tree. Hy het gedreig om my dood te maak en ek het vir hom gesê hy moet kennis neem dat ek het ook 'n vermoë.

Vir wat dit werd is, mnr. Botes, hy sal sê dat u het ge- dreig om hom te slaan en toe het hy vir u gesê dan is u dood. Hy het nie gedreig om u op 'n latere datum dood te maak nie. -- Hy het gedreig om my te laat doodmaak, meneer, klaar. In die bedryf was ons werk, dreig jy nie met boodskappies soos jy sal dood wees ongeag hoe jy dit bewoord nie.

Nee, hy het gesê as jy nou aan my raak dan is jy dood, ek sal myself verdedig. Dit is wat hy bedoel het. -- Dit is nie waar nie.

<u>VOORSITTER</u>: Wel, kom ons - ek dink nie dit is deel van my ...

<u>MNR. HATTINGH</u>: Dankie, mnr. die Voorsitter, ek gaan ...

Nou, mnr. Botes, ek wil net graag handel met die koerant- berigte. Het u al 'n geleentheid gehad om daarna te kyk? -- Ek het die eerste twee bladsye afgehandel. Ek is besig met die derde bladsy.

Is daar soveel foute? -- Daar is woordeliks verskille wesenlik met van wat ek gesê het, baie van die goed, ja.

Baie van die goed? -- Baie van die goed, ja.

<u>VOORSITTER</u>: Ek dink, mnr. Hattingh, dit sal beter wees as u na hierdie dokument, gemerkte dokument kyk dan gaan dit vir

die getuie/..



die getuie baie makliker wees. As u net vir hom 'n ander af- skrif kan gee dat hy daarna kan kyk. Hy sê dit is net die eerste twee

bladsye van die eerste koerant.

MNR. HATTINGH: Ons het dit gehad, maar ons het dit ongelukkig geleen aan die persone wat hierdie afskrifte - hierso.

Goed, u merk in die blad van ll Mei in die eerste kolom, merk u so hier aan die kant die woorde wat sê "iets tot in Europa en Midde Afrika strek van meester planne vir ontwrigting en destabilisasie van buurstate en van chaos wat die afgelope jaar binne die BSB geheers het". Nou, u het 'n strepie aan die kant getrek langs hierdie drie sinne. Wat be- teken daardie strepe? -- Dit beteken eerstens dat ek nie 'n datum of 'n tydperk gekoppel het daaraan nie. Dit beteken meer as dit ook, dat ek nie meesterplanne verskaf het vir so wyd as wat dit daar beweer word nie, al sou ek dan meesterplanne ver- skaf het. Ek het op geen stadium meesterplanne verskaf nie.

U het nie van die afgelope twee jaar gepraat nie? -- Ek het gepraat van sedert l987, einde '87.

En dan kom die volgende twee sinnetjies in 'n hakkie "en waarskynlik tot die ongelukkige dood van Anton Lubowski gelei het". -- Ek het dit nie gesê nie.

Glad nie gesê nie? -- Nee, ek het dit nie gesê nie. Daar was bespiegel oor en ek het gesê dit kon gewees het, ek sê dit nie. Ek het dit op geen stadium gesê soos wat dit daar geskryf staan nie.

Hierdie neutrale koerant wat u uitgekies het maak so 'n stelling. -- Meneer, dit is die verslaggewer wat die stelling maak. Ek het nie die stelling gemaak nie.

Is dit een van die stellings wat u hom gevra het om reg te stel? -- Ek het vir u gesê dat ek het nie in detail met hom op hierdi



op hierdie stadium gehandel weer na ons aanvanklik daaroor gepraat het nie.

Dan het u onder die woordjie volledig waar u praat van die onderhoud met minister Vlok, sê u "Verlede jaar in teen-woordigheid van twee van sy generaals volledig deur Botes oor die aard en omvang van die BSB ingelig is". Die woordjie volledig is onderstreep. Wat is die doel daarmee? -- Die woordjie volledig, ek het minister Vlok voorgelig oor my as persoon, my betrokkenheid by BSB, waar ek nou vandaan kom, uit Namibië uit, wat ek daar gedoen het. Ek het op geen stadium vir minister Vlok 'n volledige verduideliking oor BSB gegee nie. Dit sou my twee dae geneem het.

Hierdie het die verslaggewer dan ook uit sy duim uitgesuig. -- Dit is hy wat dit geskryf het. Ek het hom ..

VOORSITTER: Wel, hy het darem kans gekry om daarvan 'n paal-opskrif te maak. -- Meneer die Voorsitter, ek wil dit so stel dat ek het nie daardie ...

Vlok weet alles dink ek het die berigte gesê. -- .. ver-slaggewing gesien voordat dit gepubliseer was nie.

MNR. HATTINGH: Het u nie 'n geleentheid gekry om die artikel te proeflees om .. -- Nee, ek het nie.

Dan laer af sê u "Hy het tydens dieselfde ontmoeting vir Vlok vertel van die cholera-kieme wat sy span 'n paar dae vantevore" dié het u onderstreep. -- Dit het gegaan 'n paar dae vantevore. Dit het nie oor 'n spesifieke datum gegaan nie. Dit gaan daaroor dat daardie cholera was wel in die water geplaas op 'n later datum, soos wat verwys word op 'n later stadium en dit by die - as ek reg onthou die bevestiging genoem word. As ek die datum reg onthou was dit sewe of die 28ste, die Saterdag, van Augustus l989 wat ek bevestiging

ontvang het/..



ontvang het daarvoor.

Ek wil net weet waarom het u die woorde 'n paar dae van- tevore

onderstreep. -- Ek het dit vir myself op daardie stadium uitgelig om te bevestig dat 'n paar dae vantevore - ek het vir hom gesê dat op daardie Saterdag het ek bevestiging gekry dit was afgehandel.

Is dit 'n verkeerde stelling wat hier staan? -- Dit is die stelling, ja.

Dan 'n bietjie laer af het u die woorde "Marte Achisari" en dan die volgende woorde "se motor uitgebrand", die woorde "motor uitgebrand" het u ook .. -- Ek het nie die woorde motor uitgebrand gebruik nie. Ek het gesê dit het gegaan oor die ontwrigting. Daar praat, as ek reg onthou onder andere oor die breek van die ruite van die voertuig. Dit het gegaan oor die ontwrigting en nie die persoonlike ontwrigting fisies van Achisari nie.

En dan lui die beriggie soos u sê "En sy ruite stukkend geslaan word", dit verskyn in 'n hakkie hierdie woorde "Al wat uiteindelik van die meesterplan geword het, was Lubowski wat verkeerdelik vermoor is". -- Dit is korrek, ja.

Wat bedoel u met die hakkies wat u hier gesit het? -- Dit gaan oor Lubowski wat vermoor was. Ek het nie gesê die BSB het Lubowski vermoor nie. Ek het dit nooit gesê nie.

VOORSITTER: Het u gesê dit was deel van die meesterplan? -- Nee, dit was nie deel van die meesterplan nie. Dit word daar gesê - en dit word nie gesê ek sê nie. Die verslaggewer sê.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, die man skryf tog nou jou artikel oor wat u gesê het. Moet hy dit nou elke keer in aanhalings- tekens sit? -- Meneer, hy het interessantheidshalwe baie plekke gesê en Botes sê en dan maak hy sekere stellings en

alhoewel ek/..



alhoewel ek dit nie ter insae gehad het nie, het ek wel gesien en ek het nie gesê BSB het Lubowski geskiet op daardie stadium

nie.

Goed, kom ons kyk .. -- Dit is bespiegeling.

Goed, kom ons kyk 'n bietjie hoër op in die berig staan daar "Botes het vandeesweek vertel: .." dan is daar sulke asteriske wat elkeen van die punte wat u vertel het onderskei en een van hulle is "Al wat uiteindelik van die meesterplan geword het, was Lubowski wat verkeerdelik vermoor is". -- Ek het dit nie so aan die verslaggewer gestel nie en ek het dit nie geproeflees nie en ek sê hier dat ek nie gesê het dat Lubowski verkeerdelik vermoor was nie.

Nou, die volgende puntjie wat u dan ook sou vertel het, het u teenoor die woorde daar was min beheer oor agente en operateurs, min finansiële beheer, swak beplanning van moord- teikens. Daar het u ook 'n strepie getrek. Wat bedoel u daarmee? -- Dit gaan oor die swak beplanning van moordteikens. In die verlede sou daar 'n volledige dossier gewees het op 'n teiken, op 'n persoonlikheid wat 'n detailverslag sou behels het oor sy identiteit en dit wat daarmee saamgaan. Op daardie stadium was die chaos soveel dat ons rondgehardloop het en persone soos Amathenya vir 'n voorbeeld moes gaan soek het terwyl in die verlede was daardie feite in 'n dossiervorm verskaf deur spesmagte se inligtingsnetwerk.

Mnr. Botes, jammer dat ek u nou onderbreek, maar die doel van my ondervraging oor hierdie blad wat u gemerk het, is u was gevra om die artikel te lees en te merk wat foutief was. -- Ja.

U het nou hier 'n strepie getrek en nou wil ek by u weet dui dit aan dat die gedeelte teenoor hierdie strepie foutief

is. Ek wil/..



is. Ek wil nie weet wat u hiermee bedoel het nie. -- Goed.

Wat bedoel u met die strepie wat hier langsaan getrek is?

-- Dit is wat ek met die strepie bedoel het.

VOORSITTER: Met ander woorde nie verkeerd is nie? -- Dit is nie verkeerd nie.

MNR. HATTINGH: Nou hoekom trek u dan die strepie daar? -- Ek het dit daar gemerk ter verduideliking hoekom, waaroor het dit daar gegaan.

Maar u was gevra om goed wat verkeerd is te merk, nie goed wat reg is of goed wat u wil verduidelik nie. -- Goed.

Moet ek dan nou aanvaar as ek verder gaan .. -- Daar gaan waarskynlik verder ook van dit wees, ja.

Dat ek nog strepies gaan kry wat nie verkeerde bewerings bevat nie? -- Dit is korrek, ja. Ek het dit vir my eie aandag gedoen. Ek het dit op daardie stadium nie gedetailleerd vir u aandag gedoen nie. Ek was besig met my voorbereiding. Mnr. die Voorsitter, ek wil vra indien ek kan tyd kry sal ek dit volledig op versoek klaarmaak en dan sal ek dit so aanbied.

VOORSITTER: Kom ons kyk net gou - gaan net gou - u is amper klaar?

MNR. HATTINGH: Ja, hy het heelwat gemerk. Dit kan nog heelwat verander. Dit lyk vir my of hy die berig oorgeskryf het.

VOORSITTER: Kan u nie met iets anders intussen aangaan nie?

MNR. HATTINGH: Ek kan, ja. Ek kan, mnr. die Voorsitter, later hiermee aangaan.

Kom ek vra u enkele vrae oor u verklaring in die tussentyd. U het dit darem seker gelees voordat u gesweer het dat die inhoud daarvan waar is? -- Ek het dit gelees. Ek het dit nie self bewoord nie. Dit is soos wat ek dit sien, ja.

U praat/..



U praat in paragraaf 3 daarvan "Na samesprekings met verskeie belangstellendes". -- Dit is korrek, ja.

Wie was die verskeie belangstellendes? -- Verskeie

belangstellendes was twee advokate, een by die naam van advokaat Bertelsmann en die ander een adv. Luitingh.

As u van twee persone praat praat u van verskeie per- sone? -- Dit was verskeie, dit was meer as een.

Dan sê u, dit is nog paragraaf 3, laaste sin "is ek dus bereid om die kommissie in te lig oor aangeleenthede betref- fende die BSB en veral met betrekking tot Streek 6." -- Dit binne my vermoë, ja.

Wat het u van Streek 6 geweet, mnr. Botes? -- Dit wat ek van Streek 6 geweet het, het dit behels die werking van die Mhlaba-voorval.

Dit is al? -- Dit is al. Dit is soos wat ek dit hier ..

Dit was 'n verklaring van l4 bladsye en slegs die een insidentjie val, volgens wat u sê, binne die raamwerk van die kommissie. -- Die rede van die l4 bladsye was om vir die kom- missie die agtergrond te gee oor hoekom kan ek praat oor een paragrafie of twee paragrafies.

VOORSITTER: Maar is die Mhlaba-geval deur Streek 6 hanteer? -- Hy is nie deur Streek 6 hanteer nie. Hy is deur ..

Streek 2 hanteer? -- Deur Streek 2 as binnelands dan as sulks Streek 6 hanteer.

Met ander woorde so selfs dit gaan nie oor Streek 6 nie? -- Dit gaan nie oor Streek 6 nie.

MNR. HATTINGH: So, u weet dan dus niks van Streek 6 nie se bedrywighede nie? -- Ek sou sê dit moet lui, en veral met betrekking tot binnelands, dit wat betrekking het.

VOORSITTER: Maar u weet niks wat die Streek 6-mense gedoen

het nie/..



het nie? -- Ek het niks met Streek 6 te doen nie.

En u weet ook nie wat hulle gedoen het nie? -- Wat hulle;

gedoen het nie.

MNR. HATTINGH: Paragraaf 8, mnr. Botes, sê u "As gevolg van my lojaliteit aan die weermag in die verlede en as gevolg van die feit dat ek voorheen 'n uiters geheime klaring gehad het, was daar skynbaar nie probleme met my aanstelling nie." Het u 'n uiters geheime klaring gehad? -- Na my wete, ja.

My inligting is dat u slegs 'n vertroulike klaring gehad het. -- Dit is nie waar nie. Ek het 'n geruime tyd in Blennie ...

Ek sal maar dat die weermag se regsverteenwoordigers met daardie aangeleentheid handel. -- Dan het die weermag my toegelaat om amptelike militêr oor 'n geruime tydperk, sonder enige klaring, uiters geheime operasies, teikenstudies te doen.

Uiters geheime operasies waaroor u nou vrylik teenoor 'n koerant gaan praat. -- Dit is nie BSB-operasies nie, weermag-operasies het ek gesê.

U het nie BSB se operasies as uiters vertroulik en geheim beskou nie? -- BSB het ek beskou as nie weermagoperasies nie tot tyd en wyl generaal Webb vir my gesê het spreek die weermag aan.

VOORSITTER: Maar u praat hier van my lojaliteit aan die weermag in die verlede. -- Dit is korrek.

Met ander woorde .. -- Dit was voordat ek 'n lid van BSB geword het, voordat ek in l987 begin werk het. Dit was die voorafgaande tydperk.

Ek is net nie seker, soos wat dit hier lyk klink dit half asof u sê u het geen verdere lojaliteit aan die weermag nie.

Is dit/..



Is dit wat u te kenne wou gee? Dit is soos dit hier klink. -- Ja, dit was die voorafgaande tydperk tot en met ...

MNR. HATTINGH: Paragraaf l7 sê u "Verster wou die organisasie in 'n siviele struktuur omskep." Is dit nie 'n plan wat bedink

is en wat met volle kennis, wete, instemming van die voorsitter, generaal Webb ...

VOORSITTER: Nee, ek dink nie generaal Webb was op daardie stadium voorsitter nie. -- Joubert.

MNR. HATTINGH: Of generaal Joubert, voorgelê is aan die hoof van die weermag nie. -- Dit is korrek, ja. Na my wete was dit aangebied van Verster se kant af en nie vice versa nie.

Nou maak u asof dit net sy idee was, nè? -- Ek sê nie dit was net sy idee nie. Die bydrae was gemaak van sy kant af.

U sê "Verster wou die organisasie in 'n siviele struktuur omskep."

VOORSITTER: Wat was mnr. Verster - hy was wat op daardie stadium gewees? -- Hy was die besturende direkteur van die organisasie.

Nee, voordat dit nou in 'n siviele struktuur omskep is. -- Hy was 'n kolonel in die weermag en hy het ook opgetree as besturende direkteur as sulks dan, in die hoedanigheid as bevelvoerder dan van die organisasie.

MNR. HATTINGH: In dieselfde paragraaf sê u "Die binneland van Suid-Afrika was op daardie stadium amptelik aan die polisie toegeken, maar sou daar 'n geleentheidsteiken na vore tree, was daar 'n militêre eenheid wat bekend gestaan het as die reaksiespan". -- Dit is korrek, ja

"Wat dadelik ingeroep kon word om met die teiken af te reken." -- Dit is korrek.

"Hierdie span het nie deurlopend binnelands opgetree

nie"/..



nie." -- Dit is korrek, ja.

Dit sê u nou nadat u nou reeds vir die kommissie gesê het die enigste binnelandse optrede waarvan u kennis gedra het was die Mhlaba-geval. -- Dit is korrek. Ek weet nie in die binne- land

wat hierdie mense gedoen het nie.

Hoekom sê u dan "hierdie span het nie deurlopend binne- lands opgetree nie"? Dit voorveronderstel tog .. -- Wat ek daarby probeer sê is hierdie span was nie 'n binnelandse or- ganisasie wat as sulks op 'n aaneenlopende basis soos ek neem aan Streek 2 in die buiteland op 'n deurlopende basis gewerk het nie.

VOORSITTER: Maar was hulle .. -- Hulle sou slegs - mnr. die Voorsitter, net 'n oomblik, asseblief, hulle sou slegs by 'n geleentheidsteiken aangewend word.

MNR. HATTINGH: In die binneland? -- In die binneland indien dit sou nodig wees.

En u sê hulle is nie deurlopend - hulle het nie deur- lopend binnelands opgetree nie. -- Dit is korrek. Dit is hoekom ek vir u sê dit is slegs by geleentheidsteikens. Sou daar 'n geleentheidsteiken kom kon hulle aangewend word.

Mnr. Botes, dit is nie wat hier staan nie. Het hierdie span tot u kennis by 'n enkele geleentheid binnelands opge- tree? -- Nee, hulle het nie.

Nou, waarom stel u dan die hele konteks waarin u hierdie paragraaf noem - luister weer daarna "Die binneland van Suid-Afrika is op daardie stadium amptelik aan die polisie toegeken". -- Dit is korrek, ja.

"Maar sou daar 'n geleentheidsteiken na vore tree was daar 'n militêre eenheid wat bekend staan as 'n reaksiespan wat dadelik ingeroep kon word om met die teiken af te reken.

Hierdie/..



Hierdie span het nie deurlopend binnelands opgetree nie." Dit beteken tog - u gee duidelik te kenne daar dat hierdie reaksiespan tog by geleentheid binnelands opgetree het. -- Wat ek gesê het, is hierdie span kon by geleentheid binne opgetree het. Dit is wat

ek probeer sê.

Waar lees u dit, mnr. Botes? Sê vir my, asseblief. -- Mnr. die Voorsitter, soos wat ek dit hier lees, probeer ek hier sê dat daar was 'n eenheid wat by geleentheid teiken angewend kon word, dit is wat ek probeer sê.

Is dit hoe u dit vir u regsverteenwoordigers gesê het? -- Dit is soos wat ek dit aan hom ...

En hulle het dit so verkeerd gaan bewoord soos wat dit hier staan? -- Hoe verkeerd dit hier bewoord ook al mag wees, ek kan nie sien dat dit hier anders gesê word nie. Ek kan nie hier sê dat hulle wel opgetree het nie, te sê dat dit moontlik is.

<u>VOORSITTER</u>: Ja, maar die weermag kan, ek bedoel die Potchefstroomregiment kon ook ingeroep word om op te tree binnelands. Ek bedoel dit is ook 'n moontlikheid. -- Dit is 'n moontlik- heid. Waaroor dit hier gegaan het, dit sou 'n spesifieke aan-geleentheid rakende die organisasie op daardie stadium wees, dan sou hierdie span aangewend word, indien dit iets op daar- die stadium was waarmee die firma besig was om te handel en op daardie stadium as deel van spesmagte.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Die regsverteenwoordiger wat ons hier van praat is nie die Vrye Weekblad se mense nie, u eie regsverteenwoordigers. -- Dit is advokaat Luitingh wat dit saamgestel het.

Hierdie verklaring wat ons nou hier uit praat? -- Hier- die verklaring, ja.





Was hy u daarmee behulpsaam? -- Hy het daarmee gehandel.

U sê wat u met deurlopend bedoel is hy kon opgetree het? -- Dit is korrek, ja. Dit beteken hy het dit nie voltyds gedoen nie. Dit is nie al wat hy gehad het om te doen nie. Dit was moontlik

om hom ...

VOORSITTER: Wel, dit beteken hy het dit glad nie gedoen wat u van weet nie, maar miskien kon hy dit gedoen het? -- Die gedagte was dat indien daar so 'n geleentheidsteiken sou wees dit sy werk sou wees om daarmee te handel.

Wanneer het u bewus geword van Streek 6? -- Dit was iewers gedurende die loop van l988 as ek korrek onthou.

MNR. HATTINGH: In paragraaf l8 sê u - om nou maar die sinsverband te kry, onderaan bladsy 4: "Ek wil dit graag beklemton dat dit onmoontlik is om die binnelandse optrede van die BSB te bespreek sonder om enigsins melding te maak van buitelandse streke en wel om die volgende rede, naamlik dat daar gebruik gemaak is van sogenaamde buitelandse operateurs om binnelandse take te verrig." -- Korrek, ja.

Watse take het u daar in gedagte? -- Die take waaroor dit daar gegaan het, dit het gegaan oor 'n voorbeeld of 'n geval. Die geval was die Du Plooy, Mhlaba-geval.

Weer eens het ons die meervoud wanneer u die enkelvoud bedoel, nie waar nie? -- Dit gaan oor taalpuristies korrek, dit is waaroor dit gaan.

Taalpuristies alles behalwe korrek, meneer. -- Dit is waaroor dit hier gaan. Byvoorbeeld - een is vir my 'n voor- beeld. Dit is vroeër deur die kommissie aan my gestel dat dit 'n geval was en ek dit nou 'n geval genoem het.

Is binnelandse take ook vir u net een? -- Dit is 'n taak.

Maar hoekom/..



Maar hoekom staan hier take? -- Daar kan ander take deur daardie man verrig wees wat ek nie van weet nie.

Maar as u nie van goed weet nie hoekom praat u daarvan? -- Omdat ek dit - 'n voorbeeld genoem het.

VOORSITTER: Maar u praat nou ook van buitelandse operateurs wat gebruik is. -- Dit was by wyse van spreuke so gestel dat dit - die geval was die volgende, dit was moontlik om dit te doen. Du Plooy was 'n voorbeeld daarvan.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, kom ons kom nou by paragraaf 35 van die verklaring. "Operateurs in buitelandse streke is soms gevra om binnelandse take te doen, byvoorbeeld, ek is op 4 Maart l989 genader deur ene Shane du Plooy." U het nou reeds vir die voorsitter vertel dat dit die enigste geval is. -- Dit is korrek.

En wat u aanbetref is dit 'n voorbeeld. -- Dit is korrek.

Een geval is wat u aanbetref 'n voorbeeld. Wie was nog by hierdie taak betrokke sonder om regte naam te noem? -- Boyce Nollo na my wete was Du Plooy se medelid.

En dit was die enigste twee? -- Dit was na my wete die enigste twee, ja.

Was Boyce ook 'n buitelandse operateur? -- Boyce was 'n Streek 2-lid, ja.

Dit is die enigste twee buitelandse operateurs wat volgens u kennis binnelands opgetree het? -- Dit is waarvan ek weet, ja.

VOORSITTER: Het Boyce binnelands opgetree of sou hy binnelands opgetree het? -- Hy het saam met Du Plooy gegaan op die verkenning vir die uitvoering van hierdie taak. Hy het fisies opgetree tydens die verkenning.

Was hy saam met die verkenning? -- Hy was saam die

verkenning/..



verkenning.

MNR. HATTINGH: Goed, u sê hy, dit is nou Du Plooy "het opdrag van Joe Verster ontvang om 'n eliminasie te doen in Durban." Nou, Du Plooy was in u Streek gewees. -- Dit is korrek, ja.

Du Plooy was 'n gewone operateur gewees. -- Dit is korrek,

ja.

Hy was u ondergeskikte gewees. -- Dit is korrek, ja.

Hy kom nou met 'n opdrag van die besturende direkteur na u toe. -- Dit is reg.

Het dit meermale gebeur? -- Verster het nie nodig gehad om my te ken ...

Ek vra of dit meermale gebeur het? -- Ja, dit het op buitelandse sake ook gebeur, op buitelandse take ook gebeur. Dit het meermale gebeur, ja.

Dat 'n ondergeskikte met 'n bevel van die besturende direkteur na u toe kom? -- Dat lede direk deur Verster getaak was, ja, dat ek nie betrokke was by die take nie.

Mnr. Botes, het dit vantevore gebeur dat 'n ondergeskikte met 'n bevel van mnr. Verster na u toe gekom het? -- Nie soos in hierdie geval nie.

Is dit die enigste keer wat dit gebeur het? -- Dat dit so gebeur het, ja.

Dat hy kom en sê hy het 'n bevel ontvang om Mhlaba te elimineer en u moet daarmee help? -- Hy het gekom en gesê die verkenning is afgehandel, ek moet dit aan Joe voorlê vir goed-keuring, hy het nou die verkenning afgehandel en ek skakel na Joe toe.

As hy direk van mnr. Verster die opdrag ontvang het, sou dit dan verkeerd van hom gewees het om direk terugvoering aan mnr. Verster te gee? -- Nee, dit sou nie. Dit was moontlik.

Weet u/..



Weet u waarom hy dit dan deur u wou doen? - Nee, ek weet nie hoekom hy dit deur my wou doen nie.

Veral daar u ongeneë geblyk gewees het om behulpsaam te wees. -- Nee. Ek was ongeneë by aanbieding van die projek. Ek was nie voor die tyd ongeneë nie. Hy het wel geweet. Ek het dit baie

duidelik aan hom gestel.

Wat het u duidelik gestel? -- Dat die feit dat die polisie binnelands toegeken was - my woorde aan hom, as ek reg onthou, was onthou net een ding, Shane, die polisiemanne slaap by die huis. Hulle slaap nie in die werk nie. As ons hier speel dan speel ons nie in die buiteland nie. Daar het ons nie 'n probleem met die polisiemanne nie. Hier het ons 'n probleem met die forensiese afdeling. Dit is waaroor dit ge- gaan het.

Dit het u vir hom gesê net toe hy vir u kom sê het hy het opdrag ontvang om 'n eliminasie te doen? -- Hy het nie die opdrag - hy het nie so gekom sê hy het nou 'n opdrag gekry nie. Hy het met die verkenningsverslag na my toe gekom ...

Nee, kom ons vat nou reg van die begin af, mnr. Botes, hy kom by u en sê vir u wat? -- Hy kom by my, en ons het oor ander werk ook gesels, en onder andere het hierdie spesifieke onderwerp opgekom, toe sê hy hierdie verkenning is nou gedoen, hier is die feite, ons moet dit aan die baas aanbied vir goed-keuring.

VOORSITTER: Was dit nou tydens 'n inhuis? -- Dit sou wees tydens 'n inhuis. Hy was by my op daardie stadium by 'n in- huis. Ons het werk bespreek op daardie stadium.

So, u is besig met 'n inhuis en hy lê aan u hierdie doku- ment voor? -- Dit is korrek.

Vir voorlegging aan mnr. Verster. -- Dit is korrek.

Wat het hy/..



Wat het hy vir u gesê - u moet nou net baie versigtig, duidelik, dink baie mooi, het hy vir u gesê oor hierdie doku- ment wat hy aan u gegee het? -- Woordeliks kan ek nie onthou nie. Naastenby die strekking wat dit gehad het, was hy het 'n opdrag gekry om 'n verkenning af te handel, hier is die metode waarop hy sien ons dit behoort te doen en ons moet dit so aan- bied en op daardie

stadium was die verkenning reeds afgehandel.

Wat sê u toe? -- Toe sê ek vir hom "Shane, verstaan een ding baie mooi, ons kan nie binnelands optree nie. Die polisie binnelands - ons het 'n ooreenkoms met die polisie binnelands" dit was min of meer die strekking van my woorde en my woorde aan hom was polisiemanne slaap by die huis, hulle slaap nie by die werk nie. Dit is een saak om buitelands op te tree, dit is 'n ander saak om by die huis op te tree.

MNR. HATTINGH: En is dit die somtotaal van u gesprek oor mnr. Mhlaba? -- Rofweg, ja.

VOORSITTER: U het toe nie die dokument verder gevat nie? -- Ek het geweier om verder daarmee te deel. Op daardie stadium wat my betref het Verster geweet wat my houding was ten opsigte van binnelandse operasies. Wat gebeur het was op 'n vorige buitelandse operasie wat aan generaal Webb aangebied was, het die lid wel binneland toe gekom en ek was verkwalik omdat ek nie teen die lid opgetree het nie en ek het dit op daardie stadium aan generaal Webb gestel, dat ek nie 'n vermoë het om binnelands op te tree nie en ook dat ons 'n ooreenkoms het en dit was 'n mondelingse ooreenkoms wat my betref en ek het dit onder andere, as ek reg onthou, met brigadier Visser op Middelburg persoonlik bespreek. Hy het vir my gevra "Wat soek jy daar", dit was in Swaziland en ek het vir hom gesê ons

gebruik dit/..



gebruik dit as 'n deurgangsgebied aangesien dit na my wete, en dit het van mnr. Verster af gekom, op daardie stadium die formele ooreenkoms was, ons sou binnelands en Swaziland gebruik of dit was toegeken aan die polisie. Ons sou Swaziland gebruik as 'n veilige deurgangsgebied omdat dit vir ons maklik was om daar te werk. Dit was die basis.

MNR. HATTINGH: U was dus terdeë bewus daarvan voordat hierdie voorval - of laat ek dit liewers so stel, mnr. Verster was dus terdeë bewus daarvan dat u nie bereid sou wees om by 'n binnelandse projek soos hierdie betrokke sou raak nie? -- Ek glo so, ja.

U het dit duidelik gemaak? -- Ek glo so, ja.

Nogtans kom Du Plooy en hy sê hy het 'n opdrag van Verster en hy vra vir u om behulpsaam te wees. -- Ek weet nie of Du Plooy geweet het - die behulpsaam moet ons net hier kwalifiseer. Ek sou die aanbieding aan Verster doen. Ek weet nie of Du Plooy op daardie stadium geweet het wat Verster en ek op daardie stadium ten opsigte van 'n soortgelyke aangeleentheid in die verlede my houding daarteenoor was nie. Wat ek wel vir hom in sy gesig - het ek dit vir hom duidelik gestel dat ek stel nie belang om deel te hê daaraan nie en ek het dit daar vir hom gesê en ek het dit nooit verder gevoer nie. Ek het vir hom gesê ek stel nie belang nie, vergeet daarvan en ek het dit neergegooi en ek het vergeet daarvan en ek het dit nooit weer opgeneem nie.

U het nie eers die dokument gelees nie? -- Ek het die dokument gelees, ja. Ons het die dokument bespreek. Dit is waaroor die hele storie gegaan het, dit is hoekom ek vir hom gesê het Shane, die polisiemanne slaap by die huis en ek was kras, en as ek mag kras wees, mnr. die Voorsitter, ek het vir

hom gesê/..



hom gesê 'n mens kak nie op jou eie voorstoep nie. Dit was my woorde aan hom en dit was die feite.

U het van die begin af geweet hy kom met 'n projek vir 'n eliminasie na u toe. -- Soos ek dit aan u gestel het, hy het ook ander werk as 'n Streek 2-lid gehad om met my te bespreek. Dit is hoekom hy na my toe gekom het. Hy het nie na my toe gekom,

vooraf vir my geskakel of vir my vooraf kennis gegee en gesê ek kom jou sien oor mnr. Mhlaba in Durban nie.

Voordat hy vir u die dokument getoon het, het hy vir u gesê hy het 'n opdrag ontvang om die eliminasie van 'n pro- kureur in Durban te doen. -- Dit is korrek.

Nou, u was glad nie bereid om daarmee in te val nie? -- Ek was nie bereid om daarmee in te val nie.

Hoekom lees u nog die dokument? -- Omdat ek dit met hom bespreek het. Ek het deur die saak gegaan, toe sê ek "Shane, jy weet dit mos so goed soos ek".

Maar u kon dit mos vir hom gesê het sonder om die doku- ment te lees? -- Ek moes die dokument lees. Ek kon nie net vir hom sê nee, gaan weg en ek het nie eers 'n idee waaroor dit gaan nie.

Hoekom nie, mnr. Botes? U beleid was u tree nie binne- lands teen 'n persoon op nie. -- Dit is korrek. Hy het vir my Mhlaba as sulks aangebied as Mhlaba. Hy het nie gekom en gesê ek het 'n prokureur en Durban en agterna gekom en gesê dit is Mhlaba nie.

Maar hy het gekom en gesê hy het 'n persoon wat geëlimineer moet word. -- Dit is korrek. Dit het uitgekom tydens die gesprek. Hy het gesê ons het nou die verkenning gedoen. Hier is die feite, en die dokument vir my gegee, en toe het ons die dokument bespreek en dit is hoekom ek vir hom

daardie/..



daardie woorde gesê het wat ek nou gesê het. Dit was my houding en ...

Mnr. Botes, wat doen u toe met die dokument? -- Ek het die dokument tussen ander BSB-dokumente gelos.

Hoekom? -- Dit op 'n lêer gesit.

Hoekom? -- Wat moes ek daarmee gemaak het?

Hoekom sê u nie vir hom vernietig die ding nie, ons raak nie by sulke goed betrokke nie? -- Omdat dit nie nodig was wat my betref nie. Ek sou dit in elke geval een of ander tyd vernietig het. Ek het op daardie stadium...

U sou dit een of ander tyd vernietig? -- Dit is korrek.

Wanneer? -- Dit was oop vir bespreking.

Ekskuus tog? -- Dit was seker oop vir bespreking. Ek het nie op daardie stadium 'n spertyd gestel vir vernietiging nie. Ek het nie belang gestel nie, omdat hierdie voorval nie verder sou gaan nie, nie wat my betref in alle geval nie.

En toe u nou die geval genoem het en u gesê word u moet gaan soek vir stawing daarvoor, toe gaan soek u tussen u dokumente. Het u toe nou onthou dat u hierdie dokument gehou het? -- Ek het dit so gestel, ja. Ek het dit ook op daardie stadium, as ek reg onthou, aan mnr. McNally gestel dat daar was 'n geskrewe dokument, maar ek het nie geweet of dit in my besit was nie. Ek kan nie onthou wat van die dokument geword het nie. Die normale prosedure sou wees sou dit 'n Streek 2-aktiwiteit wees sou ek dit op Parker Shane du Plooy se lêer gesit het. Dit is wat dit sou beteken het. Dit was nie 'n Streek 2-projek nie. Dit is hoekom ek dit nie op sy lêer gesit het nie.

So, waar het u dit gesit? -- Ek het dit in 'n lêer gesit wat ek by die huis gehad het, wat my persoonlike BSB-

aktiwiteite/..



aktiwiteite by was, my dagboek en alles wat daarmee saamgaan.

So, u sit dit toe op u eie lêer? -- My eie lêer, ja. Ek het hom gekoop en betaal. BSB het hom nie gekoop en betaal nie.

Nee, mnr. Botes, u weet baie goed dit is nie wat ek bedoel

nie.  Ek praat nie van die omslag nie. Ek praat van die lêer, die inhoud daarvan. -- Die inhoud van die lêer, ja.

Die lêer waarin u u persoonlike goed gehou het? -- Dit is korrek, ja. Ek was in diens van BSB.  Dit wat daarin was, was myne, ek het dit bedryf.

Los maar die spitsvondigheid, hoor.  Goed, mnr. Botes, toe u hierdie verklaring afgelê het praat u oor Mhlaba. -- Toe?

In hierdie verklaring, nou praat u hieroor. -- Ja.

Sê u toe vir u regsverteenwoordiger, vir mnr. Luitingh, hoor hier, ek onthou - soos wat u dink u vir mnr. McNally gesê het, ek dink daar was 'n dokument? -- Ja.

U het vir hom gesê? -- Ja.

En het hy toe gaan sê maar .. -- Toe sê hy vir my wat ..

Wys vir my? -- Ja.

En het u dit toe dadelik gaan uithaal? Gaan soek? -- Ek het dit gaan soek, ja.  Ek het gaan kyk. Ek het vir hom gesê ek sal gaan kyk wat ek daarmee ..

Wanneer kry u dit toe, mnr. Botes?  -- Ek kan nie onthou presies nie.

Hoe lank na u eerste gesprek nadat u vir mnr. Luitingh hiervan gesê het? -- Ek dink dit was die volgende dag of die dag daarna.

En toe neem u dit vir hom? -- Dit is korrek.

Dit was 'n belangrike dokument gewees, presies wat hy

gesoek het/..



gesoek het, nie waar nie? -- Dit is reg, ja, ek neem so aan.

En ek neem aan op daardie stadium was u verklaring ook nog nie voltooi nie. -- Die verklaring na my wete was op daardie stadium voltooi as ek reg onthou.

Maar u verklaring moes tog eers getik word, aan u voorgelê word vir ondertekening. -- Dit is korrek. Wat my betref as ek

praat van voltooi dan was my gesprek met advokaat Luitingh was op daardie stadium afgehandel.

Maar voordat u die verklaring onderteken het kry u hierdie dokument. -- Nee, as ek reg onthou is dit nie so nie. Ek het eers die dokument, eers die verklaring geteken en agterna die dokument gekry en dit aan hom oorhandig waarna hy dit aan my gestel het hy wil dit aan die kommissie voorlê waarna ek gesê het ek het geen probleem daarmee nie, dit kan gedoen word.

VOORSITTER: Ek dink die volgorde waarvan ons weet is dat op ll Mei - soos u kan sien is hierdie beëdigde verklaring voor die sekretaris afgelê en het hy die oorspronklike ontvang, dit was 'n Vrydag, en die Maandag is BEWYSSTUK C35 aan die kommis- sie oorhandig.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, toe u nou die dokument kry, het u net hierdie twee - ek dink dit beslaan twee bladsye, nee, vier bladsye. Was dit so een dokument wat aanmekaar vasgekram was? -- Hulle was nie aanmekaar vasgekram nie. Ek het hulle aan- mekaar vasgekram.

Dit was vier los bladsye gewees. -- Dit is korrek, ja.

Dit was al wat u gevind het? -- Met betrekking tot Mhlaba, ja.

Was dit ook al wat hy destyds aan u voorgelê het? -- Ek kan nie onthou nie.

Want hier word/..



Want hier word gepraat van 'n plan A. -- Daar kon 'n plan A gewees het. Ek kan nie onthou wat het ...

VOORSITTER: Maar hier staan plan A.

MNR. HATTINGH: Hier staan plan A. Plan A is die een wat hierin beskryf word. -- Dan is dit plan A. Ek weet nie of daar ..

Was daar 'n plan B gewees? -- Dit was tot my beskikking. Ek

weet nie.

Maar as daar 'n plan B op skrif was, dan moes u die dokument ook behou het. -- Nee, ek sal nie so sê nie. Ek weet nie of daar 'n plan B-dokument was nie.

Kan ons aflei van die feit dat u hom nie het nie dat daar nie 'n plan B-dokument was nie? -- Nie noodwendig nie.

Maar hoe sou u dan nou die een hou en nie die ander een nie? -- Ek het hom nie permanent of pertinent gehou met die gedagte daar kan dalk eendag 'n Harms-kommissie kom nie.
Dit is die basis.

Sou dit bymekaar gewees het? As daar 'n plan B was, sou dit nog 'n los bladsy gewees het wat saam met hierdie gelê het? -- Dit kon gewees het, ja.

Kan ek aflei dat daar nie 'n plan B was nie? -- Ek weet nie of daar 'n plan B was nie.

<u>VOORSITTER</u>: Ek kan darem nie glo dat u hierdie tipe doku- mente so agterlosig sal bêre dat as dit meer as vier do- kumente was, vier bladsye, dat dit nie bymekaar sou gewees het nie? -- Na my wete, dit wat ek daar gehad het, het ek in 'n lêer gesit en ek het nie later weer teruggegaan en daardie spesifieke dokument gaan kyk nie. Ek het dit ingesit by ou finansiële aansoeke om voorskotte wat ek gehou het vir voor- bereiding vir die ouditeur en ek het nie op 'n gereelde basis daarna gekyk nie. Ek aanvaar dat dit was wat daar was. Dit

is hoekom/..



is hoekom ek dit kon opspoor.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Mnr. Botes, nou hierdie dokument, sê u dit was veronderstel om 'n aanbieding van 'n voorstudie te wees by u inhuis? -- Ek sou die aanbieding vir mnr. Verster aan huis dan voorberei vanaf daardie dokument. Dit was die inligting ver-vat soos vir

die voorbereiding van die aanbieding inhuis aan mnr. Verster.

Maar moes die operateurs, wanneer hulle met 'n projek na u toe kom, nie ook 'n behoorlike dokument opstel aan die hand van 'n vooropgesette patroon nie? Ek dink daardie dokument is redelik volledig wat betref daardie vooropgesette patroon. Ek dink die detail ten opsigte van die eliminering van daar- die persoon is redelik in detail vervat in daardie dokument, as ek hom reg gelees het.

Ja, maar moet hy nie met behoorlike, stapsgewys die plan en die voorstelle uiteensit nie? -- Nie anders as wat hy daar is noodwendig nie. Nee, dit is soos die operateur dit aan- bied. Dit is die feite van die verkenning soos wat hy dit gekry het, soos wat hy dit vir my aanbied.

Hoe sou u dit dan nou aangebied het aan mnr. Verster indien u bereid sou gewees het om dit te doen? -- Ek sou in breë vorm dit op dieselfde basis aangebied het, indien dit 'n buitelandse taak was, op dit wat daar geskryf was. Die agter- grond van die persoon, wie hy is, wat hy is, hoe die taak uitgevoer gaan word, in detail. Ek kan vir u 'n aanbiedings- formaat gee hoe ek dit sou gedoen het.

Het u voor hierdie insident kennis gedra van mnr. Mhlaba? -- Nee, ek het nie.

Is dit nie 'n person wat baie aktief in u streek betrokke was nie? -- Baie weinig na my wete. Ons was direk betrokke

hoofsaaklik/..



hoofsaaklik by militante operateurs en nie soseer by minder militante elemente soos ek mnr. Mhlaba sien nie.

Sou u hom as 'n minder militante persoon beskryf as hy wapens vir die ANC verkry en verskaf het? -- Dit is 'n be- wering wat Du Plooy gemaak het. Ek het geen bevestiging daar- voor hoegenaamd

nie.

Maar het u rede gehad om Du Plooy se inligting te be- twyfel? -- Baie beslis, ja.

Hoekom? -- Du Plooy het nie toegang tot die breë inlig- tingsgemeenskap se prent gehad nie. Dit was sy persoonlike mening oor die man.

So u het nie die inligting bevraagteken nie? -- Watse inligting?

Die inligting dat die persoon betrokke was by wapen- lewering .. -- Ek het dit nie bevestig nie.

Is dit nie een van die take wat u normaalweg sou moes gedoen het as so iets tot u kennis gekom het nie? -- Ek sou, ja, indien ek aangegaan het met die taak.

Dat hy koeriers hanteer vanaf Durban deur Swaziland na Maputo toe. -- Dit is korrek, ja. Indien ek sou aangaan met die taak sou ek dit bevestig het voordat ek daardie feite sou aanbied.

Maar kom ons vergeet vir 'n oomblik van die taak. Is dit nie inligting wat u nie opgevolg het nie? -- Dit is hoe?

Inligting wat u moes opgevolg het as deel van die nor- male ... -- Nee, ek moes dit nie opgevolg het nie. Die lid was nie betrokke buitekant nie. Daar is niks wat ek aan die aangeleentheid kon doen nie.

VOORSITTER: Nee, ek dink wat mnr. Hatting sê is net dit, die bewering word deur Du Plooy gemaak dat mnr. Mhlaba 'n roete

het deur/..



het deur een van u een gebiede na 'n ander gebied van u. Met ander woorde hy is 'n verbinding tussen Mosambiek deur Swazi- land na die Republiek. -- Mnr. die Voorsitter, op daardie stadium dink ek het ons 'n redelike goeie, breë prent gehad oor wat die werklike logistieke voorsiening in spesifiek Mosambiek was en in 'n bewering

soos daardie sou Mhlaba nie werklik ter sprake gekom het nie. Hy sou op die vroegste as 'n tersiêre prioriteit, 'n derde prioriteit beskou word wat my betref in die sin van daar is niks wat ons aan sy saak kon doen nie en ek het nie belang gestel in hom as persoon nie. Indien hy in Maputo gestasioneer was, was die saak honderd persent anders. Dan sou ek onmiddellik prioriteit aandag aan hom gegee het. Op daardie stadium het ek hom beskou in die lig van hy is 'n probleem vir die veiligheidspolisie en na- sionale intelligensie wat my betref. Ek het nie met hom 'n saak gehad nie, want as ek elkeen van daardie gevalle wat soortgelyke bewerings gemaak was, moes begin opvolg het sou dit al gewees het wat ons gedoen het.

Maar kon u nie vasstel wie sy verbintenisse in u gebied was nie? -- Nee, ek kon nie vasstel nie.

Het u probeer? -- Nee, ek het nie.

Dit is 'n wonder dat u nie het nie. -- Ek het nie belang gestel in die man nie. Verstaan dit.

Mnr. Botes, is u 'n persoon met 'n vinnige humeur? -- Nee, nie noodwendig nie.

Is u 'n persoon wat dit nie duld as u ondergeskiktes u bevele nie gehoorsaam nie? -- Nee.

Het u al ooit lede van u onderbou in u streek gedreig met aanranding? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Is dit moontlik? -- Dit is moontlik, ja.

Hoekom sou u/..



Hoekom sou u dit gedoen het? Onder watter omstandighede sou u gedreig het om hulle aan te rand? -- Provokasie die enigste rede. Ek kan my nie herinner dat ek dit gedoen het nie. Die enigste rede hoekom ek dit sou gedoen het, was as 'n lid die res van die span bedreig het deur nalatigheid.

Of as hy nie opdragte wou uitvoer nie? -- Nee, nie nood- wendig nie, dit sou nie daartoe wees nie.

Het u ooit enige swart lede in u streek inderdaad fisies aangerand? -- Ja, ek het. Ek het Boyce Nollo 'n pak slae gegee.

Waaroor was dit gewees? -- Dit was omdat hy ander lede en myself ook in gevaar gestel het tydens 'n verkenning wat hy blatant agterlosig was en dit direk tot ons dood sou gelei het.

Toe het u hom fisies te lyf gegaan? -- Dit is reg, ja, 'n pak slae gegee.

Het u ooit twee ander lede of miskien nog 'n ander lid, ek weet nie of Boyce dalk een van die twee kon gewees het nie, maar twee swart lede van u te lyf gegaan omdat hulle nie op- dragte van u om sekere dokumentasie te onderteken wou uitvoer nie? -- Dit is nie waar nie.

Hoekom lag u daaroor? -- Dit is 'n grap.

Is dit? -- Dit is nie waar nie. Daar is geen manier denkbaar dat ek 'n lid sou aanrand oor iets soos dit nie. Inteendeel.

Wat sou u doen as 'n persoon nie 'n dokument wou onder- teken wat hy moet onderteken nie? -- Dit was sy voorreg om dit te doen. Ek kon hom nie dwing nie. Inteendeel al wat sou kon gebeur het, was ek sou hom aan mnr. Verster aanbied as sulks, hy sou weier om dit te doen. Dit is al wat dit sou beteken,

dit is al/..



dit is al wat sou gebeur het.

U sou geen gesag oor hom probeer uitoefen nie? -- Ek sou, ja. Ek sou vir hom gesê het teken dit, indien dit nie werk nie, het ek doodeenvoudig teruggegaan op die kanaal en gesê mnr. Verster, ons bied vir u die volgende feite aan, die man weier, hy wil nie hoor nie. Hy het die finale beslissing gehad om die man se geld weg te vat, hom weg te jaag of te besluit wat moet

met hom gebeur.

Mnr. Du Plooy sal getuig, indien hy dalk deur die kom- missie geroep word, dat hy bewus is van die feit dat u twee persone aangerand het, twee swart persone in u onderbou omdat hulle geweier het om dokumente - miskien moet ek net my feite regkry, mnr. die Voorsitter. My junior vestig my aandag daarop. Ek wil net na mnr. Du Toit se verklaring kyk, mnr. die Voorsitter. Goed, ek het my feite verkeerd. U het een persoon wat geweier het, een swart persoon wat geweier het om 'n dokument te onderteken, fisies te lyf gegaan. -- Dit is nie waar nie. Die persoon waarvan daar gepraat word, is Boyce Nollo en dit is waaroor die voorval gegaan het. Daar is geen ander persoon wat ek fisies aangerand het nie.

Het dit enigiets te doen gehad, Boyce se geval, met die ondertekening van dokumente? -- Dit het nie gegaan oor die ondertekening van dokumente nie.

U wou nie hê hy moet enigiets teken nie. -- Dit het gegaan oor die blootstelling van lede.

Die inligting, mnr. Du Plooy se weergawe is dat u daar- die persoon geslaan het, aangerand het omdat hy nie 'n doku- ment in blanko wou onderteken het nie. -- Dit is mnr. Du Plooy se bewering.

U ontken dit? -- Ek ontken dit.

Dat u ook/..



Dat u ook 'n ander swart lid van u streek aangerand het omdat hy geweier het om 'n opdrag van u uit te voer. -- Ek wil dan graag aan die kommissie vra dat ons dan alle betrokke swart lede wat oor 'n tydperk dan vir my gewerk het of saam met my gewerk het, elkeen dan, as dit nodig is <u>in camera</u>, laat getuig oor die behandeling wat hulle van my gekry het of wedersyds.

En u sê net een persoon sal sê u het hom aangeranden dit is Boyce. -- Boyce sal dit sê. Ek kan ook aan hierdie kom- missie

verklarings voorlê wat deur sekere lede geskryf was.

By my vertrek by BSB het ek vir hulle gevra skuld ek vir jou enige geld, wat is jou probleme met my, stel dit vir my op skrif soos om aan te bied vir die generaal. Ek het wel een lid s'n vir die generaal aangebied, hy het gesê nou wat probeer jy vir my sê, dit was sy woorde, toe sê ek nee, ek verstaan, ek het nie 'n probleem nie.

Mnr. Botes, mnr. Du Plooy het ook 'n verklaring afgelê wat hy vandag onderteken het en wat aan die kommissie oor- handig is of sal word, ek is nie seker of dit alreeds oor- handig is nie en sy weergawe van die Umzimhlaba-insident is soos volg: Hy het van mnr. Mhlaba se bestaan en bedrywig- hede bewus geraak in die uitvoering van sy normale take in Streek 2, Swaziland en Mosambiek het hy bewus geword van.

Het hy ooit aan u verslag gedoen oor so 'n persoon se bedry- wighede? -- Nee, hy het nie.

Hy het hierdie persoon gemonitor omdat hy van sy be- drywighede bewus geword het. -- Dit is korrek. Ek neem aan hy het hom gemonitor. Ek het die verslag gesien.

En op 'n stadium ...

<u>VOORSITTER</u>: Nee, maar - ek sien u sê dit is korrek. Wat die advokaat aan/..



advokaat aan u stel is dat hy sê hy het bewus geword van sy bedrywighede in die loop van die werk in Swaziland en dat hy hom in die loop daarvan gemonitor het. -- Ek wil dit betwyfel.

Maar het u 'n feitebasis om dit te betwyfel? -- Die rede hoekom ek sê ek wil dit betwyfel is die feit dat die inligting tot Du Plooy se beskikking was deur my persoonlik normaalweg aan hom beskikbaar gestel. Ek het die inligting hanteer as die koördineerder in die sin dat ek het alles wat ingekom het

bymekaargesit en dit dan aan hulle beskikbaar gestel en daaruit het daar op geen stadium verslae oor Mhlaba ter sprake gekom nie.

MNR. HATTINGH: Kan u dit so uit die vuis uit onthou? -- Ek kan dit uit die vuis uit onthou, ja.

Kon hy nooit in die loop van monitering van ander per- sone wat u miskien vir hom opdrag gegee het om te monitor bewus geword het van ander persone se bedrywighede nie? -- Hy kon van hom bewus geword het. Hy het dit nooit aan my gestel nie.

En hy sou hulle dan kon monitor indien hy van sulke bedrywighede bewus geword het? -- Hy kon. Hy sou my dan ingelig het indien dit so was.

Goed, mnr. Botes, laat ek net een ding duidelik kry, alhoewel u 'n buitelandse streek is, indien u bewus geword het van 'n persoon se bedrywighede in die streek, dit wil sê Swaziland en Mosambiek, en u weet dat daardie persoon in die loop van sy bedrywighede ook binnelands hier binnekom en hier met persone skakel in verband met sy bedrywighede in u gebied dan was daar niks wat u verhinder het om hom hier plaaslik ook te monitor nie, nie waar nie? -- Nee, daar was 'n beperking. Ek was nie toegelaat om hom plaaslik te monitor nie. Dit was

nie ons/..



nie ons werk nie. Ons het nie persone gemonitor plaaslik om agter te kom met wie hulle skakel nie

Maar as u nou reeds geweet het hulle skakel met mense in Swaziland en u wou weet of daar dalk persone is wat u kan behulpsaam wees om 'n pyplyn in te dring, kon u nie hier binnelands monitor nie? -- Oor die algemeen en daarby wil ek korrigeer deur te sê 99% van die tyd het ek nie die moni- teringsvermoë gehad om 'n man so te monitor nie. Ek het nie 'n agtervolgingspan gehad nie.

So, dit was basies 'n saak van onmoontlikheid in die praktyk om 'n man fisies te monitor terwyl hy in die binneland is. Ek het nie die vermoë gehad nie.

Het nie een van u manne ooit binnelands sulke tipe werk kon doen nie? -- As 'n lid of twee lede sou hulle dit wel kon doen, maar hulle sou dit nie professioneel as 'n agtervolg- ingspan kon doen nie sonder om mettertyd opgetel te word nie.

Mnr. Du Plooy sal voorts sê dat u vir hom, nadat hy - hy het inderdaad vir u ingelig dat hy inligting oor Mhlaba inge- win het en inderdaad aan u verslag gedoen voordat daar sprake van 'n eliminasie was. -- Dit is nie waar nie.

As gevolg van die inligting wat hy aan u oorgedra het, het u vir hom gesê hy moet kom met 'n plan om mnr. Mhlaba te elimineer. -- Dit is nie waar nie. Du Plooy se verantwoorde- likheid was streek, was buiteland. Ek het op geen stadium enige binnelandse inligting oor beskik oor Mhlaba of dit aan hom oorgedra nie.

En hy sal sê dat hy daarop vir u gesê het maar ons tree nie binnelands op nie. -- As hy so gesê het, wil ek graag weet hoekom hy die verkenning dan afgehandel het en dit in sy hand- skrif aan my kom aanbied het.

Omdat u toe/..



Omdat u toe vir hom gesê het doen jou werk, woorde tot die strekking, kortaf toegesnou het dat hy sy bevele moes nakom en hom nie oor beleid moes bekommer nie aangesien dit nie sy verantwoordelikheid was nie. -- Dit is nie waar nie. Hy het direkte toegang tot Joe Verster gehad.

Het hy direkte toegang tot mnr. Verster gehad? -- Hy het toegang gehad.

Het al die lede direkte toegang tot mnr. Verster gehad? -- Nee, nie al die lede nie.

En hy sal sê dat hy daarop, aan die hand van die inlig- ting wat hy oor mnr. Mhlaba gehad het, 'n plan opgestel het, synde hierdie dokument wat u aan die kommissie voorgelê het, dat daardie dokument hoegenaamd nie voldoen aan die vereistes wat gestel word vir 'n behoorlike voorlegging vir 'n projek nie, stem u daarmee saam? -- Ek stem nie daarmee saam nie. Ek kan vir u 'n behoorlike voorlegging doen uit die feite in daardie dokument.

Dat hy nie werklik geglo het dat u goedkeuring sou kry om hierdie projek binnelands af te handel nie. -- Meneer, dit is bewerings wat Du Plooy op hierdie stadium maak. Laat hy sy bewerings aan die kommissie kom aanbied. Ek sê vir jou op hierdie stadium ek het oor geen binnelandse inligting as sulks beskik nie. Ek sou, indien ek sou so 'n opdrag gee, sou Du Plooy, indien hy dit nie wou doen nie, doodeenvoudig die vermoë hê om met Verster te praat en te sê meneer, ek het 'n wesenlike probleem. Dit was so maklik soos dit. Du Plooy het die toegang gehad tot Verster. Daar is niks wat hom weerhou het daarvan.

VOORSITTER: Ja, maar hoekom het hy nie die plan - toe u nie gelukkig - u sê hy kry die opdrag by Verster, hy voer die

opdrag uit/..



opdrag uit, hy loop hom teen u vas, hoekom het hy nie terug- gegaan na Verster toe nie? Hoekom gee hy vir u die dokument? -- Ek weet nie hoekom hy nie teruggegaan het na Verster toe nie.

Ja, maar u argumenteer nou op die basis - u sê dit moes so gebeur het omdat hy toegang gehad het, nou sê ek vir u .. -- Nee, ek sê sou dit gebeur het soos wat hulle nou beweer dat ek het hom die opdrag gegee en hy het gesê nee, hy wil dit nie doen nie, het hy toegang gehad. Ek kon hom nie op daardie basis dwing nie, dit is waar.

Maar die omgekeerde is ook waar. So, dit help my niks nie.

Ek bedoel dit is 'n argument wat na weerskante toe sny. -- Ek wil dit net so vir u stel, die verskil is net ek het beperkte magte gehad, Verster nie. So, sou hy met daar- die ding na Verster toe gaan en gaan sê meneer, die feite is die volgende, die man sê vir my ek moet die, dat en die vol- gende doen en ek is nie bereid om dit te doen nie, ek het 'n wesenlike probleem daarmee, en dit was nie deur Verster aan- vanklik opdrag gegee aan my nie om vir hom te gee nie, soos wat hier beweer word, het ek 'n wesenlike probleem gehad.

Maar u het 'n groter probleem gehad op die feite soos u dit weergee. -- Nee, ek is nie nou met u nie.

Want Verster sê u het die aanvanklike opdrag gegee, Du Plooy voer Verster se opdrag uit. -- Dit is korrek.

Du Plooy het direkte toegang tot Verster, u keer dit af, u lê dit nie aan Verster voor nie, u vat die plan en u lias- seer dit in u eie kabinet. Dit klink dat u meer moeilikheid sou gehad het met Verster as in die ander geval. -- Wat my betref kon Du Plooy reguit na Verster toe gegaan het.

Dit is reg, ja. -- Aangesien ek hom nie die opdrag gegee

het nie/..



het nie. Andersins, as Verster my die opdrag gegee het, sou ek na Verster toe teruggegaan het.

Maar nou vind ek dit vreemd dat as hy die opdrag by Verster gekry het dat hy na u toe gekom het en ewe gedwee aanvaar het dat u die plan liasseer, veral aangesien hy toegang het tot Verster. -- Ek twyfel of hy aanvaar het dat ek die plan liasseer. Ek het net vir hom gesê ek stel nie daar- in belang nie. Hy aanvaar dit, ek sal dit nie doen nie, en op daardie basis het ek die saak as afgehandel beskou.

<u>MNR. HATTINGH</u>: En hy neem nie toe die dokument by u en sê vir u

nou maar goed, dan sal ek dit maar na mnr. Verster direk neem nie? -- Hoe nou?

K65 Hy neem nie die dokument en sê nou maar goed, as u nie wil nie, ek het opdrag van mnr. Verster om dit uit te voer, gee die dokument dat ek dit maar aan hom kan gaan voorlê nie? -- Hy kon dit gedoen het.

Maar hy het dit nie gedoen nie. -- Ek weet nie of hy dit gedoen het nie.

Maar u het die dokument behou. -- Hy kon die dokument net so maklik geskryf het, hy het die hele storie gehad. Hy is die man wat die verkenning gedoen het.

Bedoel u dat hy daardie dokument wat hy nou in sy eie handskrif, vier bladsye uitgeskryf het, daar by u los, en hom gaan oorskryf het? -- Hy kan dit doen, daar is niks wat hom verhoed nie. Hy het fisies die verkenning gaan doen. Hy kom terug. Hy het nie daar gesit terwyl hy die verkenning doen en skryf punt een en nou die volgende punt twee nie. Hy het teruggekom en gesit en 'n dokument geskryf. Ek het vir hom gesê jammer, ek stel nie belang nie en ek het dit daar ge- laat. Ek het nie teruggegaan na hom toe. Ek het nie op

daardie stadium/..



daardie stadium met enigiemand op enige snaakse plekke swaarde gekruis nie, dat ek moet betwyfel van enige kant af oor hoekom tree hy so op nie. Dit was vir my - op daardie stadium .. In die eerste plek sou ek nie op daardie stadium vir mnr. Verster - getwyfel het nie aangesien hy die besturende direkteur was. Uit die aard van my lojaliteit teenoor sy gesagstruktuur, sy posisie in die organisaise.

VOORSITTER: Ja, maar as dit so is hoekom het u die dokument onderskep? -- Ek het nie die dokument onderskep nie. Die doku-

ment was aan my aangebied. Ek het net nie belang gestel nie en ek het ...

Ja, maar u het mos vir hom gesê dit word nie gedoen nie en u gaan nie daarmee aan nie en dit is die einde. -- Daar het ek dit gestaak. Ek het dit doodeenvoudig nie verder ge- voer nie.

U sien, ek sit met 'n probleem, miskien kan u my help. Ek het die situasie dat daar 'n inhuis gehou is oor die eliminering van mnr. Mhlaba en volgens die getuienis tot dusver het dit daar doodgeloop. Reg? -- Dit is reg.

Nou is daar twee moontlikhede. U sê die aanvanklike ver- kenning is in opdrag van mnr. Verster. Du Plooy sê die aan- vanklike verkenning is in u opdrag. -- Die feite aan die einde van die dag is ek het nie oor die magtiging beskik om Du Plooy te stuur om dit te doen nie. Dit is waaroor dit gaan. Ek kon hom nie so ontplooi soos ek wou nie. Die enigste man wat daardie mag het, is mnr. Verster. Ek kan dit nie doen nie.

Selfs nie al het die ding sy aanloop in Swaziland gehad nie. -- As die ding sy aanloop in Swaziland het, terwyl ons besig is met daardie projek, dan kan ek vir hom sê goed, gaan net aan. Hy kom terug na my toe en sê ons is nou hier, ons

wil nou/..



wil nou verder gaan, dan kan ek aangaan, dan gaan ek terug dan praat ek met mnr. Verster oor die aangeleentheid. Terwyl ek nie daar is nie het ek nie die mag om vir hom te sê nee, ek stuur jou nou soontoe of soontoe nie. Terwyl hy in Swaziland is, het ek vir hom 'n gemagtigde begroting waarbinne ek hom kan stuur, waarbinne ek vir die ouditeur persoonlik sal ver- duidelik aan die einde van die dag as dit nodig is oor waar hy was en wat hy daar gedoen het. Ek gaan terug en ek skryf hy het die volgende

gedoen. Dit is waaroor dit gaan.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, toe hy vir u sê hy het opdrag van mnr. Verster om hierdie persoon te elimineer, het u daardie stelling van hom betwyfel? -- Nee, ek het dit nie betwyfel nie.

So, u het aanvaar hy het 'n opdrag van die besturende direkteur gehad? -- Dit is reg, ja.

Nou kom hy en hy voer die opdrag uit tot die mate dat hy aan u 'n skriftelike voorlegging doen. U weier om u daarmee te vereenselwig. -- Dit is reg, ja.

Nou maak u dit eintlik vir hom onmoontlik om sy opdrag uit te voer tensy hy na mnr. Verster toe gaan en aan hom aldus verslag doen. -- Dit is reg.

As hy vir u die dokument sou gevra het .. -- Sou ek dit vir hom gegee het.

Sou u dit vir hom gegee het? -- Ja.

Maar hy doen dit nie. -- Nee.

Hy los dit net daar. -- Ja.

En sover u weet doen hy niks meer omtrent die hele aangeleentheid nie. -- Ek weet nie wat hy meer as dit gedoen het nie.

Sover u weet het hy niks gedoen nie. -- Dit is reg.

So, oënskynlik/..



So, oënskynlik .. -- Ek weet nie wat hy na dit gedoen het nie.

Goed, een van twee dinge is dus moontlik, of hy het sy bevel verontagsaam en die aangeleentheid net daar gelaat, dit is een moontlikheid, nè? U moet nie net u kop skud nie dit moet opgeneem word, asseblief. -- Ek sê ja. Wat moet ek sê?
Dit is 'n moontlikheid.

En ook die ander moontlikheid is dat hy besluit het om aan mnr. Verster te gaan verslag doen en aan hom 'n voor- legging te

doen wat sou meebring dat hy die hele dokument sou moes oorskryf. -- Vir solank as wat dit sou neem om die doku- ment oor te skryf en hy hoef dit nie in daardie vorm oor te geskryf het nie. Hy kon dit direk as 'n aanbieding geskryf het. Dit sou beteken hy sou dit doodeenvoudig op 'n groot vel geskryf het direk vir aanbieding.

En het u geen beheer oor sy doen en late as lid van u streek daarna gehad nie? -- Ek het, ja, oor sekere doen en late. Ek het nie totale beheer oor wat hy elke ..

Het u hom weer uitgevra oor hierdie projek, want dit was dan 'n opdrag wat hy van die besturende direkteur gehad het. -- Nee, ek het hom nie uitgevra nie. Ek het doodeenvoudig nie verder belang gestel nie. Ek het hom niks na dit gevra nie. Ek het die saak as afgehandel beskou en ek het nie terug- gegaan na die saak toe nie.

Ek vind dit vreemd, mnr. Botes, 'n man in u streek het 'n opdrag van u opperbevelvoerder om 'n opdrag uit te voer .. -- Meneer, as ek vir hom die opdrag gegee het van bo af dan sou ek teruggegaan het en vir hom gesê het verduidelik vir my wat het jy omtrent die saak gedoen. Hy het na my toe gekom en die aanbieding gedoen en ek het vir hom gesê ek stel nie belang

nie/..



nie. Op daardie stadium het ek nie 'n opdrag van bo af gehad, van my kant af, om iets verder aan die saak te doen nie en ek was nie bereid om deel te hê aan die saak nie. Dit is hoekom ek dit nie verder opgevolg het nie. Ek het die saak as afge- handel beskou.

VOORSITTER: Ja, daar is natuurlik ook 'n ander moontlikheid en dit is dat - ek wil graag hoor wat sê u daarvan, die een moontlikheid is dat die opdrag van die voorstudie van u gekom het. Dit is soos Du Plooy nou sê, nè? -- Ja.

Die tweede moontlikheid is soos u sê, of wat u suggereer is

dat die opdrag van Verster kon gekom het. Is die derde moontlikheid nie dat Du Plooy op sy eie op 'n verkenning gegaan het en dan dit aan u voorgehou het sonder dat hy vooraf goedkeuring gehad het? -- Mnr. die Voorsitter, wat die situa- sie so betref die eerste aangeleentheid ...

Nee, nee, ek vra u net oor die derde. -- Ja, ek wil net vir u vinnig uitlê. Du Plooy by homself gaan, hy doen dit by sy eie. Die probleem kom by die ouditeuring van die fondse wat gespandeer was, dan moet hy verduidelik. Indien mnr. Verster dan nie daardie bedrag afgeteken het as gemagtig nie, het hy 'n wesenlike probleem gehad.

Nee, maar op die oomblik weet ek niks van fondse wat gespandeer is op hierdie projek nie. Al wat ek vir u vra is kon hy nie hierdie verslag aan u voorgelê het uit sy eie? -- Ek betwyfel dit baie sterk. Dit is moontlik.

Is dit 'n moontlikheid? -- Dit is 'n moontlikheid.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Het hy toe hy by u gekom het en vir u vertel het van sy opdrag van mnr. Verster, het hy vir u te kenne gegee dat die gedagte is dat u behulpsaam moet wees met die projek? -- Soos die plan geskrywe is, is ek nie behulpsaam

met die projek/..



met die projek nie.

Maar was dit die gedagte gewees dat u moes behulpsaam .. -- Die gedagte was dat ek doen die aanbieding aan mnr. Ver- ster vir goedkeuring.

Het hy dit vir u so gesê? -- Dit is hoekom hy die aan- bieding aan my gedoen het.

So, mnr. Verster sit nou vir 'n aanbieding van u af. -- Mnr. Verster het op geen stadium vir my gesê hy wag vir 'n aanbieding van my af nie. Ek het vir Du Plooy gesê ek het jou nie gesê om

te gaan nie. Die enigste ander man wat hom kon gesê het, was mnr. Verster.

U het nie vir mnr. Verster geskakel en gesê jammer, jy het vir Du Plooy opdrag gegee om iets te doen, ek is nie bereid om so 'n aanbieding te doen nie? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

U het die hele aangeleentheid net so daar gelaat? -- Ek het dit gelos. Ek het nie belang daarby gehad nie.

Mnr. Du Plooy sal sê dat hy steeds geglo het dat die plan nie prakties uitvoerbaar was nie, as ons na die plan kyk ver- baas dit ons seker nie, nè, dat hy in ieder geval vas geglo het dat die bestuur van BSB nie goedkeuring vir so 'n plan sou verleen nie en dat hy om daardie rede nie werklik moeite ge- doen het om sy plan in die vorm van 'n behoorlike voorstudie aan u voor te lê nie. -- Ek wil dit aan u stel dat daardie is wat my betref 'n redelik volledige voorstudieplan in die sin van al die detail is nodig om die eliminering te doen. Hy was die man wat moes bepaal hoe dit gedoen moes word. Al wat sou gebeur het, indien ek belang gestel het, was indien ek gedink het dit is onvanpas of onprakties om dit so te doen, ek sou vir hom sê goed, wat is die alternatiewe. Kom ons twee sit

en werk/..



en werk die opsies uit. Jy was daar, verduidelik vir my en dan sou ons 'n alternatiewe plan geskryf het en dan sou ons dit aangebied het as sulks. Hy moes die werk gaan doen het. Hy was die enigste man wat finaal die aanbieding van die plan kon doen aangesien hy die man was wat die werk moes doen. Niemand anders kon dit namens hom doen nie.

Mnr. Botes, u praat van 'n alternatiewe plan. Was dit staande beleid dat wanneer 'n projek aangepak word dat daar nie net een plan moet wees nie, maar ook 'n alternatiewe plan? -- Ja, ten

opsigte van sekere faktore of sekere optrede binne 'n plan.

En hy sê in sy verklaring dat hy inderdaad ook 'n alternatiewe plan op skrif gestel het. -- Ek het dit nie.

Hy kan nie die detail daarvan onthou nie, want die dokument het hy nie meer tot sy beskikking nie. Dit was ook aan u voorgelê gewees. -- Ek betwyfel dit. As ek dit gehad het sou ek dit voorgelê het.

En hy sê in rowwe trekke kan hy onthou dat dit 'n plan was wat die gebruik van 'n vuurwapen behels het, dat die persoon geskiet sou word op een of ander manier. -- Dit is 'n bewering wat hy maak. As ek my reg herinner het ek vroeër vir u gesê ek kan nie onthou dat daar 'n alternatiewe plan was nie.

En daarom is hierdie dokument gemerk plan A. Die ander deel, die alternatiewe plan, was gemerk plan B. -- Ek weet nie van 'n plan B nie. Dit wat ek tot my beskikking gehad het, het ek aangebied aan die kommissie as sulks.

As u my net 'n oomblik vergun, mnr. die Voorsitter. Ons is nog steeds besig met die verklaring, mnr. Botes. Dit was paragraaf 35 daarvan. U sê in paragraaf 37 ook iets wat ek

vreemd vind/..



vreemd vind in die lig van u getuienis sover. U sê "Indien die agbare kommissie se ondersoek slegs tot die amptelik binnelandse projekte beperk sou word, sou sekere binnelandse optredes wat deur buitelandse operateurs uitgevoer is, en welke optredes weer eens soos byvoorbeeld die projek Mhlaba na my respekvolle mening binne die kommissie opdrag val, geen aandag kan geniet nie." Weer eens het ons hier die gebruik van die meervoud. -- Dit is veronderstel om in die enkelvoud te wees. Dit is 'n geval.

U praat weer van ...

VOORSITTER: Maar watter binnelandse optrede kan ek nie onder-

soek nie? -- Watter - ek dink wat ek hier probeer sê, mnr. die Voorsitter, is die feit dat 'n buitelandse operateur, as daar- die Streek 2 nie ondersoek kan word in hierdie lig gesien nie, dan kan daardie optrede nie hier gemeld word nie.

Maar ons sal niks in Streek 2 sien nie. As ons na die Streek 2-lêers kyk sal ons in ieder geval niks kry nie. -- Ek dink dit is wat ek probeer sê hier.

Maar dit is definitief nie wat u sê nie, maar ek bedoel al gaan ons deur die Streek 2-lêers, sal ons in ieder geval nie Mhlaba se geval optel nie. -- U sal dit nie daar kry nie, dit is korrek.

MNR. HATTINGH: Dan in paragraf 38 weer in dieselfde trant sê u in die laaste gedeelte van die paragraaf "Volledigheidshalwe moet ek dit beklemtoon dat sogenaamde buitelandse operateurs dikwels binnelands gestasioneer was alhoewel hulle vir buite- landse projekte verantwoordelik was. Juis daarom was hulle vir korttermynprojekte in Suid-Afrika beskikbaar." -- Wat dit beteken is buitelandse operateurs woon in Suid-Afrika, so hulle kan vir enige projekte aangewend word. Dit is wat ek

daar sê/..



daar sê.

Wel, die indruk wat u hier skep is asof dit wel geskied het dat hulle wel vir korttermynprojekte gebruik was. -- Ek kan dit nie so lees nie en dit is wat ek probeer sê is hulle woon hier vir buitelandse optrede en net so kan hulle binne- lands aangewend word aangesien hulle hier woon.

Nou, in die verklaring sê u dan voorts, in dieselfde paragraaf: "Die buitelandse fondse staan onder andere onder die beheer van Joe Verster en beloop etlike miljoen dollar". Wat presies bedoel u as u sê die buitelandse fondse .. -- Ek bedoel

dat die enigste man wat tekenmagte het plaaslik om daardie geld uit te vat is Joe Verster.

Die enigste man wat die tekenmagte het? -- Binne BSB, ja. Hy teken vir daardie geld. Indien hy dit nie magtig nie kan daardie geld nie verskuif word nie.

Kan generaal Webb dit nie magtig nie? -- Generaal Webb kan dit slegs magtig indien Verster dit sou aanvra. Generaal Webb sal nie uit sy eie uit 'n bedrag buiteland toe skuif vir 'n snaakse rede sonder dat Verster dit sou vra nie, want die aanwending is deur Verster.

Moet hulle nie albei teken nie? -- Die aanvanklike begroting of die jaarlikse aanbieding word deur generaal Webb gemagtig. Daarna, om daardie geld te skuif, is die enigste handtekening wat nodig is Joe Verster se handtekening.

Moet die oorplasing van fondse oorsee nie gemagtig word nie? -- Dit is mos nou wat ek sê Joe Verster magtig dit.

Hy alleen? Moet dit nie deur generaal Webb gemagtig word nie? -- Ek het nou net gesê dat die aanvanklike begroting word deur generaal Webb gemagtig. Daarna hanteer Verster daardie geld en hy teken dan die magtiging.

VOORSITTER/..



VOORSITTER: U bedoel die begroting van die projek? -- Dit is korrek.

MNR. HATTINGH: En dit behels onder andere die uitneem van geld. -- Dit is reg, ja.

En dan beheer hy dit mos nou, dan het hy mos klaar mag- tiging verleen dat die geld uitgeneem kan word, by die be- groting dan? -- Wie is hy nou?

Generaal Webb. -- Dit is reg, ja. Hy stel die geld tot beskikking van Verster wat dan magtig waarheen daardie geld

verskuif word.

En hy moet later weer daaroor verslag doen vir oudit-doeleindes. -- Soos die aanbieding van Verster aan hom kom om verslag te doen daaroor, ja.

Die indruk wat u hier skep is dat hy daarmee kan maak wat hy wil, is dit nie? -- Aan die einde van die dag beteken dit Verster kan daarmee maak wat hy wil, ja.

Met die geld maak wat hy wil.-- Dit is wat dit beteken.

VOORSITTER: En hy het tot u kennis dit gedoen? -- Nee, hy het dit nie gedoen nie.

Nou hoekom suggereer u dit? -- Ek sê hy kan dit doen.

Maar hoekom suggereer u dit? -- Ek suggereer dit nie. Ek sê hy kan dit doen.

Ek is bevrees dat dit is wat hierdie paragraaf suggereer.

Gaan maar aan.

MNR. HATTINGH: Goed, kom ons kom by die bomvoorval in - mnr. die Voorsitter, miskien moet ek net ter aanvang sê dat, en ek sê dit nie as kritiek nie, ek het begrip vir die standpunt wat ingeneem word, want dit was 'n standpunt wat ingeneem was oor brigadier Mostert se dossier, ek het nie insae in die polisie- dossier gehad wat die ondersoek van hierdie bom by Marius, by

die getuie/..



die getuie se winkel behels het nie. Ek gaan dus nie - ek kan dus uit die aard van die saak nie vrae vra oor die inhoud van daardie dossier nie. My geleerde vriend, mnr. Visser, het my meegedeel hy gaan vrae vra daaroor. As dit - uit die aard van die saak vanuit 'n polisieoogpunt beskou, as dit dalk blyk dat daar inligting op die wyse aan die lig kom wat dit vir my nodig maak om verder vrae te vra dan sal ek 'n aansoek tot u rig, mnr. die Voorsitter. Ek hoop dat dit nie nodig sal wees nie.

VOORSITTER: Wel, op die weergawe voor my kan dit hoogstens neerkom op 'n persoonlike fete wat gevoer is en ek weet nie of ek veronderstel is om persoonlike fetes te ondersoek nie. Ek het al genoeg persoonlike fetes hier ervaar, ek het seker nie nog een ..

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, verwys u nou na 'n per- soonlike fete tussen Hattingh en myself of tussen Verster en die getuie?

VOORSITTER: Tussen mnr. Verster en die getuie en tussen u en mnr. Hattingh.

MNR. VISSER: Nee, daar is nie so 'n fete nie.

VOORSITTER: Kies maar soos u dit wil hê.

MNR. HATTINGH: U praat in paragraaf 46 van die dreigement en toe sê u daar in paragraaf 46:

> "Daar het toe 'n woordewisseling tussen my en Joe Verster ontstaan waartydens hy gedreig het om my om die lewe te bring. Dit het my voortgesette betrokken- heid by die BSB onmoontlik gemaak. Ek het huis toe ge- gaan."

Wanneer was dit gewees? -- Dit was die oggend van die voorval. As ek reg onthou was dit Woensdagoggend die 23ste.

Augustus/..



Augustus? -- Augustus, ja.

Dan sê u "Aan die einde van Augustus is 'n personeelkan- toor in my besigheid deur 'n bom beskadig sonder .." en ek vind dit baie vreemd "sonder dat ek enige waarskuwing ontvang of enige verdere kommunikasie met mnr. Joe Verster gehad het". Sou u verwag het hy moet u waarsku dat hy 'n bom gaan plant? -- Nee, wat wel sou gebeur het, is met my toegang wat tot ek tot my beskikking gehad het sou ek waarskynlik geweet het in- dien daar van vyandelike kant optrede teen my persoonlik was.

En u het van geen sodanige .. -- Ek het van geen sodanig kennis geneem nie.

Inligting of kennis gedra nie? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Nou, waar is hierdie bom geplaas? -- Die bom is in Verwoerdburgstad in die betalingsentrum ...

Nee, nee, in wie se kantoor? -- Hy is 'n kantoor wat ek met 'n man met die naam van Alf Campbell deel se deur geplaas. Die kantoor is afgeskort met "rhino board".

MNR. HATTINGH: U sê u deel die kantoor met 'n mnr. Campbell? -- Dit is korrek, ja.

Is dit een vertrek? -- Dit is een groot vertrek wat onderling afgeskort word met sogenaamde "rhino board".

Met wat? -- Met gips. Ek neem aan dit is gips, "rhino board".

Het hy twee ingange? -- Hy het twee ingange, ja.

U ingang na u gedeelte en 'n ingang na sy gedeelte? -- Dit is reg, ja.

En u kantoor is beskadig sê u as gevolg van die ont- ploffing? -- Dit is reg, ja.

VOORSITTER: Na wie se kant is dit geplaas? -- Dit was by die voordeur van Campbell se kantoor geplaas.

Is dit/..



Is dit maar net - ek bedoel huur u dit saam of huur u die ... -- Ek onderhuur by hom.

U onderhuur by hom? -- Dit is korrek, ja.

En het u aparte ingange? -- Ek het 'n aparte ingang.

En dit is toe voor sy deur geplaas? -- Dit is reg.

MNR. HATTINGH: U sê daar was skade aangerig by die winkel. -- Dit is korrek, ja.

Wat was die omvang van die skade, mnr. Botes? -- Ek het 'n

skatting gemaak. Dit is nie 'n klinies korrekte syfer nie. Ek het gereken iewers tussen veertig en R50 000.

Nou, wat was dit? U het dit tog seker herstel op die ou einde. -- Onder andere, as ek reg onthou, ek kan teruggaan en kwitansies gaan soek, my faks-masjien, my fotostaatmasjien, meubels wat ek aangekoop het vir die kantoor, dit is pertinent waaroor dit gegaan het.

Noem vir ons 'n syfer. U weet tog min of meer wat dit gekos het om die skade te herstel. Wat het dit u gekos om die skade te herstel? -- In totaal alles wat ek vervang het tussen veertig en R50 000 as ek reg onthou.

Het u fisies daardie uitgawe moes aangaan om die kantoor weer te herstel? -- Dit is korrek, ja.

VOORSITTER: En mnr. Campbell? -- Ek weet nie.

MNR. HATTINGH: Waar was die meeste skade? By u kant of sy kant? -- Ek weet nie hoe groot die skade aan sy kant was nie. Ek was nie binne sy deel van die gebou nie.

Ek verstaan u was nie eintlik op goeie voet met mnr. Campbell op daardie stadium nie. -- Dit is korrek, ja. Ons het 'n persoonlike fete gehad.

Ek verstaan dat daar 'n dagvaarding vir laster uitgereik was. -- Dit is reg, ja.

Wie het/..



Wie het vir wie gedagvaar? -- Hy het vir my gedagvaar.

Omdat u hom na bewering sou belaster. -- Omdat ek hom na bewering belaster het. Ek het hom 'n "cheat, thief, a bull-shitter" en 'n "liar" genoem. Hy het aan my 'n parkeerplek verhuur wat nie bestaan het nie. Die saak is afgehandel. Die uitspraak was dat hy die saak met koste gedra het. Ek was onskuldig.

Die siviele saak? -- Dit is korrek, ja.

Afgehandel? -- Afgehandel. Dit was nie op daardie stadium afgehandel nie, dit is intussen afgehandel.

Maar op daardie stadium was daar nog 'n dagvaarding teen u van hom gewees? -- Dit is korrek.

Hoe lank voor die bomvoorval het u die dagvaarding ont- vang? -- Ek dink nie ek het die dagvaarding voor die bomvoor- val ontvang nie.  As ek reg onthou het ek dit daarna ontvang.

Is dit moontlik dat u dit voor die bomvoorval ontvang het? -- As ek reg onthou nee. Ek verbeel vir my ...

VOORSITTER: Maar as daar 'n hofsaak was dan moes u die dag- vaarding voor die bomvoorval gehad het, want geen hofsaak word so vinnig afgehandel nie. -- Nee, die dagvaarding, as ek reg onthou, die skrywe, die verwittiging van kennisgewing dat hy dit beoog het ek voor die tyd gehad as ek reg onthou, maar ek het die dagvaarding self het ek op 'n latere stadium gekry om in die hof te verskyn.

MNR. HATTINGH:  Goed, wanneer het u die aanmaningsbrief gekry? -- Dit is reg, ja.

Ekskuus? -- Wanneer het ek dit gekry?

Ja. -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Voor of na die bom? -- Voor die bom.

Kort voor die bom? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

'n Dag of twee/..



'n Dag of twee, drie voor die bom? -- Nee, ek kan nie onthou nie, ek twyfel.

U twyfel?  Die brief is seker .. -- Ek kan teruggaan en die datum op die brief gaan vasstel.

En u sê die bom is eintlik voor mnr. Campbell se kantoor geplaas? -- Dit is reg, ja.

Nie voor u deur nie? -- Dit is reg, ja.

Kan ons aanvaar dat daar meer skade by hom was as by u? -- Pro rata dink ek het hy presies dieselfde skade gehad aan die einde van die dag as ek. Ek het geen versekering gehad nie en dit wat ek gehad het tot my beskikking op daar- die stadium was tot niet.

Het u dokumentasie wat u uitgawes, wat die herstel van u skade kan boekstaaf, mnr. Botes? -- Sommige, ja.

Hoekom nie alles nie? -- Sommige van dit wat ek gehad het, meubels wat ek gehad het wat ek weer - ander meubels wat ek doodeenvoudig gebruik het daar en op daardie stadium, later het ek ander meubels bygekoop wat ek nog nie gehad het nie.

Was u skade nie miskien heelwat minder as veertig, R50 000 nie, mnr. Botes? -- Ek het vir u gesê ek het nie 'n klinies korrekte syfer nie. Ek kan 'n presiese syfer gaan vas- stel.

Dit was heelwat minder. -- Ek betwyfel dit.

Honderde in plaas van duisende rande. -- Ek betwyfel dit.

U betwyfel dit? -- Ek weet nie.

U weet nie of die skade honderde was en of dit duisende was nie? -- Ek is nie nou by u nie.

<u>VOORSITTER</u>: Die advokaat het vir u gesê dat .. -- Nee, die skade het duisende rande beloop, nie honderde rande nie. Ek het dit vroeër aan die advokaat gestel dat ek het nie 'n

presiese syfer/..



presiese syfer nie. Indien hulle 'n presiese syfer wil hê sal ek 'n presiese syfer gaan vasstel.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Kan dit drasties minder wees, iets soos 'n duisend of twee in teenstelling met veertig, 50 000? Het u 'n skadeberaming aan die polisie voorsien? -- Nee, ek het nie.

Het u in u verklaring 'n syfer genoem, aan die polisie? -- Nee, ek het nie.

Het u geen beraming vir die polisie op die skade gestel nie?

-- Geen beraming nie. Die ondersoek van die polisie se kant af, was deur generaal Jaap Joubert hanteer. Ek het op geen stadium 'n verklaring skriftelik aan enige polisieman gemaak nie.

VOORSITTER: Is daar 'n rede hoekom u nie 'n verklaring gemaak het nie? Het hulle vir u gesê? -- Generaal Jaap Joubert het dit persoonlik hanteer. Ek het aan hom die saak ...

Het hy vir u gesê hoekom hy nie 'n verklaring wil hê nie? -- Nee, hy het nie. Ek het die saak aan hom aangebied en hy het op daardie stadium in opdrag van die minister van polisie die saak ondersoek.

MNR. HATTINGH: Kan u die dokumentasie waaroor u wel beskik met betrekking tot die skade beskikbaar stel? -- Ek kan dit doen.

Want, mnr. Botes, het u ook probeer om daardie bedrag van generaal Webb te verhaal in u onderhandelinge met hom? -- Nee, ek het hom nie 'n rekening gegee daarvoor nie. Ek het hom 'n gespesifiseerde rekening gegee.

Ek verstaan nie mooi nie, die gespesifiseerde rekening, sluit dit u skade by die winkel in of nie? -- Nee, dit sluit dit nie in nie. Die rede daarvoor is eenvoudig ek kan nie in die hof bewys dat daardie bom generaal Webb se

verantwoordelikheid/..



verantwoordelikheid was nie. So, dit is sinneloos om vir hom te sê hy moet skade betaal wat ek nie kan bewys hy voor verantwoordelikheid het nie.

Het u probeer om daardie skade van hom te verhaal? -- Ek het 'n probleem.

Het u probeer, nie probleem nie. Het u probeer om dit van hom te verhaal? -- Nee, ek het nie.

VOORSITTER: Het u nie vir hom gesê kyk BSB het die skade veroorsaak, ek dink julle moet dit vir my betaal nie? -- Nee, ek het

dit nie gedoen nie.

MNR. HATTINGH: Hy sal sê u het, mnr. Botes. Hy sal sê u het probeer om daardie bedrag van hom te verhaal. -- As hy sê dit is waar, dit is nie waar nie vir die eenvoudige rede ek kon nie bewys dat BSB die bom geplaas het nie. Wat ek wel gevra het, is en ek het 'n prokureur aangestel, Van Zyl, en vir hom gevra om die forensiese verslag van die bom te kry om te kyk of ons nie op daardie manier kan bepaal wie werklik verant- woordelik is nie. Ek kan nie daardie skade van hom verhaal nie. Indien ek dit van hom sou verhaal sou ek dit vir hom geskryf het.

U was in u gemoed eenhonderd persent oortuig dat daardie bom Joe Verster se werk was, nie waar nie? -- Dit is reg, ja, ek was in my gemoed oortuig.

U glo vandag nog so? -- Ek glo so, ja.

En u probeer nie om daardie skade van die BSB te verhaal nie? -- Ek kan dit nie verhaal nie, ek het geen bewyse nie. As ek gehad het, het ek dit verhaal.

U het aan verskeie persone gesê dat dit Verster is wat die bom daar geplant het. -- Ek het dit nou erken en ek sê dit weer in my gemoed glo ek dat dit Verster was, nie Verster het

dit geplant/..



dit geplant nie, Verster was verantwoordelik. Ek glo dit. Waaroor dit gaan is ek het nie bewyse nie. As ek bewyse gehad het, en ek sê ek glo dit, as ek bewyse gehad het, sou ek wel die BSB aangespreek het.

En u het vir verskeie persone gesê dat u glo dat dit mnr. Verster se werk is? -- Ek het gesê ek glo dat dit sy werk was. Ek het nie gesê dat ek het bewyse dat hy dit gedoen het nie. Ek het gesê ek glo dat dit sy werk was. Ek het dit ook aan minister Vlok so aangebied en ook aan generaal Jaap Joubert so aangebied

en gesê ek glo dat dit sy werk was uit die omstan- dighede voorafgaande die voorval. Dit is hoekom ek dit glo.

Die sogenaamde doodsdreigement. -- Dit is korrek.

Het u hoegenaamd melding teenoor generaal Webb gemaak van die skade wat u as gevolg van die bom gely het? -- Nee. Ek het vir hom wel die bomvoorval genoem, maar ek het nie vir hom 'n syfer gegee of probeer om hom vir 'n syfer aanspreeklik te hou nie.

Hoekom noem u vir hom die bomvoorval? -- Omdat die bom- voorval verband gehou het met die hele storie. Hy het vir my gevra waaroor het dit gegaan.

Waaroor het wat gegaan? -- Die hele aangeleentheid tussen my en Verster. Die eerste keer wat ek generaal Webb gesien het, het hy gesê lig my in wat is die probleem, gee vir my jou kant van die storie. Dit is hoekom ek hom ingelig het.

Toe sê u vir hom mnr. Verster het 'n bom daar by u geplaas of u glo dat hy dit gedoen het of laat doen het? -- Dit is reg, ja.

<u>VOORSITTER</u>: Sê net vir my, hoe lank na die rusie tussen u en Verster was die bomvoorval gewees? Het u 'n idee? -- As ek reg onthou ons het die rusie gehad op die 23ste, ek is onder

korreksie en/..



korreksie en die Dinsdag, omtrent die Dinsdag daarna, dit was die Woensdag en die Dinsdag min of meer was die bomvoorval.

So, ses dae daarna? -- Ses dae, binne die volgende week, dit is waaroor dit gaan.

<u>MNR. HATTINGH</u>: Toe u nou dink dat dit Verster en dan by nood- wendige implikasie BSB moes gewees het, het u nie gedink u moet die ding met u direkte bevelskanaal in die weermag opneem nie? -- Dit is korrek, ja. Ek het generaal Webb se kantoor geskakel en die dame het my meegedeel dat hy 'n paar dae weg is.

Het u toe probeer hoër gaan, na die hoof van die weermag toe? -- Nee, ek het nie aangesien hy ...

Na die Minister van Verdediging? -- Nee, ek het reguit gegaan na die Minister van Polisie toe.

Hoekom het u nie u eie kanaal gevolg nie? -- Aangesien dit 'n bomvoorval was en aangesien dit in Verwoerdburgstad was en ek 'n bomvoorval as 'n polisie-aangeleentheid beskou het en my situasie, BSB-betrokkenheid, ek dit nie op straat wou bekend maak op lae vlak nie, daarom het ek toe die minister gaan sien oor die voorval.

Omdat dit in sy kiesafdeling was gaan u nou na hom toe? -- Bloot toevallig is dit ook sy kiesafdeling, ja.

Maar u het dit as 'n rede angevoer waarom u na hom toe gegaan het. As dit nie in sy kiesafdeling was nie sou u nie na hom toe gegaan het nie.-- Ek sou waarskynlik na hom toe gegaan het. Na wie toe anders sou ek gegaan het. Andersins sou ek so hoog as wat my prokureur kon reël om toegang tot die polisie te kry, sou ek gegaan het. Indien die situasie anders was, indien dit in generaal Joep Joubert se tyd sou gebeur het, het ek die sekretaresse persoonlik geken, dan kon ek vir haar gesê

het wie/..



het wie ek is en wat my probleem is en sy sou vir my gereël het. Ek het nie generaal Webb se sekretaresse geken nie, so sy het my as 'n meneer beskou wat dringend met die generaal wou praat en sy kon niks aan my saak doen nie, want die generaal was weg. Dit is hoekom ek na die polisie toe is.

Was dit kort na die bomvoorval wat u met generaal Webb probeer in verbinding tree het? -- Dit is korrek, ja.

So min of meer die dag na die nag waarop die bom ontplof het? -- Ek het reeds voor die bomvoorval ook met generaal Webb probeer

in verbinding tree. Inteendeel die dag na ek met Verster 'n woordewisseling gehad het, het ek die generaal pro- beer in die hande kry waarna die sekretaresse vir my gesê het hy sal uitstedig wees tot min of meer Dinsdag op die vroegste en na die bomvoorval het ek dit as 'n polisie-aangeleentheid beskou en my BSB-betrokkenheid het gemaak dat ek aan die einde van die dag die Minister van Polisie gaan sien het.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, mag ek net op hierdie stadium iets opper? Die aangeleentheid waarna my geleerde vriend verwys het, dit is die interne ondersoek wat deur BSB gehou is ten opsigte van die getuie, ek het met die kommissie se hoofamptenaar skriftelik reeds gekommunikeer in daardie verband. Ons sou graag insae daarin wou kry vir doeleindes van kruisverhoor van die getuie.

VOORSITTER: Wat wil u vir die getuie vra?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, dit hang af wat daarin staan. Daar is een baie interessante opmerking deur die getuie Verster gemaak wat moontlik heelwat lig op die onderwerpe werp wat u ondersoek, toe hy verwys het na hierdie dokument.

VOORSITTER: Ja, ons sal kyk. Ek hoop mnr. McNally kry toegang

daartoe/..



daartoe.

MNR. BERTELSMANN: Is dit nog nie aan die kommissie beskikbaar gestel nie?

MNR. HATTINGH: Dit is aan mnr. McNally aangebied, maar ons het nie 'n afskrif beskikbaar gehad nie en ek het vir hom gesê ek dink nie dit is werklik tersaaklik nie. Ek het dit vir hom aangebied en hy het gesê ek moet dit maar hanteer in my kruis- ondervraging wat ek van plan is om te doen.

VOORSITTER: Ek weet nie daarvan nie. U moet dit op daardie vlak

asseblief hanteer, mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Goed, ek plaas dan net op rekord dat ons insae daarin versoek, asseblief.

VOORSITTER: Kan ek u net vra, sal u dit weer gaan merk - skoon bladsye vat en merk wat u sê verkeerd is. -- Ek sal.

Van al die berigte. -- Ek sal pertinent wat verkeerd is merk.

En dan 'n ander ding, as u asseblief - sal u net kyk of u die nodige kwitansies of bewysstukke het van u skade, as u dit miskien net op 'n velletjie papier, u weet, of aanmekaar kan knip, al bring u net afskrifte dan sal dit ons redelik verhaas. Ons hoop om klaar te maak. Dankie. -- Seker.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 23 MEI 1990.

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Harms Commission of Inquiry**
*Location:-*
**©1990**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.